# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE AARD VAN OUER-KIND-OPVOEDINGS= VERHOUDINGE BINNE KERNGESINNE IN IKAGENG

## 4.1 INLEIDING

Teen die agtergrond van hoofstuk 2, waarin 'n fundamenteel-opvoedkundige presisering van harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge gegee is, en hoofstuk 3, waarin die tradisionele en half-verwesterde swartmens van Suid-Afrika in verskeie opsigte (waaronder die verhoudinge tussen ouer en kind) beter leer ken is, kan nou oorgegaan word na 'n empiriese ondersoek om vas te stel wat die situasie rondom ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde swart kerngesinne in die praktyk is. Die gegewens soos uiteengesit in hoofstukke 2 en 3, dien dan as toetssteen (Bylae A) waardeur vasgestel kan word in watter mate die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge van geïdentifiseerde kerngesinne in die swart dorp Ikageng toereikend is al dan nie.

Na aanleiding van die gegewens soos verkry uit die empiriese ondersoek, sal bepaal kan word welke probleme (indien enige) daar rondom ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in sommige van die hedendaagse verstedelikte swart kerngesinne bestaan. Indien probleme geïdentifiseer word, kan hulp en leiding aan sodanige gesinne gegee word. Indien bevind word dat heelwat gesinne wel kerngesond is, kan die positiewe aspekte, veral rondom ouer-kind-verhoudinge, uitgelig word met die doel om hierdie aspekte verder uit te bou en bekend te stel aan gesinne waar dit minder goed gaan (paragraaf 5.2.3).

'n Samevatting in die vorm van 'n organigram van die toetsmodel van ideale ouer-kind-opvoedingsverhoudinge, is uit die teorie van hoofstuk 2 saamgestel. Uit hoofstuk 3 is slegs sekere aspekte gehaal wat in die evaluering van ouer-kind-opoedingsverhoudinge 'n belangrike rol behoort te speel (Bylae A). Dit is volgens hierdie model wat die toereikendheid al dan nie van ouer-kind-

verhoudinge in die empiriese ondersoek beoordeel word.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp bespreek aan die hand van 'n aantal kriteria vir 'n goeie meetinstrument (paragraaf 4.3.1.2), tipes meetinstrumente van opvoedkundige navorsing (paragraaf 4.3.1.3) en die keuse van 'n meetinstrument vir hierdie navorsing (paragraaf 4.3.1.4).

Verder word gewys op die konstruksie van die vraelys (paragraaf 4.3.1.5), die opleiding van onderhoudvoerders (paragraaf 4.3.1.6), die loodsvraelys (paragraaf 4.3.1.7), die finale vraelys (paragraaf 4.3.1.8) en sekere administratiewe prosedures wat gevolg is (paragraaf 4.3.1.9).

Aandag word ook geskenk aan die bepaling van die populasie (paragraaf 4.3.2) en steekproef (paragraaf 4.3.3), waarna kortliks verwys word na die statistiese prosedures wat gevolg is (paragraaf 4.3.4).

Ten slotte word 'n interpretasie van die versamelde data (paragraaf 4.4) en 'n samevattende evaluering gegee (paragraaf 4.5).

## 4.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die primêre doel van die empiriese ondersoek is om vas te stel in watter mate die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge van geïdentifiseerde kerngesinne in die swart dorp Ikageng aan die eienskappe van harmoniese en teoreties-ideale ouer-kind-opvoedingsverhoudinge voldoen of nie voldoen nie.

As sekondêre doel kan gestel word dat die resultaat van die empiriese ondersoek gebruik kan word om ontoereikende óf harmoniese eienskappe van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge waar van toepassing, onderskeidelik te vermy óf te implementeer en sodoende riglyne te gee vir gesonder ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (paragraaf 5.2.3).

## 4.3 NAVORSINGSONTWERP

### 4.3.1 Meetinstrument

#### 4.3.1.1 Inleiding

Een of ander vorm van **meting** is altyd 'n voorvereiste vir suksesvolle empiriese navorsing (De Wet et al., 1981:120). Met "meting" word bedoel ordening en kategorisering van gegewens, asook bepunting en frekwensiebepaling (De Wet et al., 1981:121).

'n Goeie en toepaslike meetinstrument vir die betrokke navorsing moet aan sekere kriteria voldoen (paragraaf 4.3.1.2). As die opvoedkunde-navorser dus ná voltooiing van sy/haar literatuur=studie 'n meetinstrument moet kies wat aan die doelwit(te) van die navorsing beantwoord, is dit belangrik dat deeglik kennis geneem moet word van die belangrikste soorte meetinstrumente wat reeds ontwikkel is (paragraaf 4.3.1.3). Eers daarná kan oorgegaan word tot die keuse van 'n meetinstrument wat geskik is vir die eie navorsingsprobleem (4.3.1.4).

Die konstruksie van die vraelys moet só gedoen word dat dit in alle opsigte die navorsingsprobleem(e) aanspreek (paragraaf 4.3.1.5). 'n Belangrike stap alvorens oorgegaan kan word tot die formele toepassing van die gekose meetinstrument, is die doelmatige en effektiewe opleiding van alle persone wat by die toepassing van die meetinstrument betrokke is (paragraaf 4.3.1.6). Korrekte stappe behoort gevolg te word alvorens die finale meetinstrument toegepas word (paragrawe 4.3.1.7 - 4.3.1.9).

#### 4.3.1.2 Kriteria vir 'n goeie meetinstrument

Alvorens oorgegaan kan word tot die keuse van die mees geskikte meetinstrument vir die betrokke navorsing, is dit belangrik dat die navorser kennis moet dra van die belangrikste kriteria (eienskappe) van 'n goeie meetinstrument.

Volgens verskeie bronne is **betroubaarheid** en **geldigheid** van die belangrikste kriteria waaraan 'n goeie meetinstrument moet voldoen (Wiersma, 1985:212 ; Borg, 1987:154,156 ; Turney & Robb, 1971:154 ; De Wet et al., 1981:131,145).

**Betroubaarheid** verwys na die mate van konsekwentheid en/of akkuraatheid waarmee 'n meetinstrument meet. **Geldigheid** dui die mate aan waarin die meetinstrument daarin slaag om dít te meet waarvoor dit opgestel is (De Wet et al., 1981:131,150). Om die geldigheid van 'n vraelys te verseker moet die vrae so opgestel word dat geen onduidelikhede by die respondente oor die betekenis van sekere sleutelwoorde behoort te ontstaan nie (Keeves, 1988:460). Dit is belangrik om te noem dat hoë betroubaarheid nie noodwendig hoë geldigheid verseker nie. Soos Turney & Robb (1971:156) dit duidelik stel: "A measuring device might be very consistent in its results and, yet, might not be measuring the variable it is supposed to measure." 'n Geldige meetinstrument sal egter ook 'n betroubare meetinstrument wees (De Wet et al., 1981:150).

**Objektiwiteit** en **bruikbaarheid** is twee verdere kriteria wat ook belangrik is vir 'n goeie meetinstrument. **Objektiwiteit** impliseer dat die prosedure vir die toepassing van die betrokke meetinstrument só duidelik uiteengesit is dat ander navorsers dit nét so kan toepas (De Wet et al., 1981:151). Waar 'n meetinstrument gestruktureerd is en nie baie ruimte laat vir respondente om eie antwoorde neer te skryf nie, maar slegs een antwoord uit 'n aantal afleiers moet kies, word 'n hoë mate van objektiwiteit ook verseker (Borg, 1987:116-117). Deurdat antwoorde van respondente waar gestruktureerde meetinstrumente gebruik is, in 'n groot mate met behulp van 'n rekenaarprogram nagesien kan word, word persoonlike vooroordeel van verskillende nasieners uitgeskakel en word maksimum objektiwiteit gewaarborg.

Die **bruikbaarheid** van 'n meetinstrument word bepaal deur faktore soos ekonomiese bestuur van geld en tyd, asook eenvoud van administrasie en gereedheid vir interpretasie (De Wet et al.,

1981:151).

Daar is dus hoofsaaklik die vier bogenoemde kriteria, naamlik betroubaarheid, geldigheid, objektiwiteit en bruikbaarheid wat as belangrik beskou word by die beoordeling van 'n meetinstrument en waaraan laasgenoemde behoort te voldoen om as 'n goeie en suksesvolle meetinstrument beskou te word. Hierdie vier kriteria is ook by die keuse van die mees geskikte meetinstrument vir die doel van hierdie navorsing in gedagte gehou.

4.3.1.3 Soorte meetinstrumente

In hierdie paragraaf word 'n kort omskrywing van die belangrikste twee meetinstrumente wat reeds ontwikkel is gegee om daardeur die keuse van 'n geskikte meetinstrument vir hierdie navorsing te vergemaklik (paragraaf 4.3.1.4.7). Ander soorte meetinstrumente wat wel bestaan, is nie geskik vir die betrokke navorsingsprobleem nie en word daarom nie bespreek nie (vergelyk in dié verband Borg, 1987:107-116 ; De Wet et al., 1981:161-165). Daar word in paragraaf 4.3.1.4 ingegaan op sekere voor- en nadele van die persoonlike onderhoud en die(pos)vraelys.

* Die onderhoud

Die onderhoud is een van die mees algemene en belangrikste metodes van data-insameling wat deur navorsers op verskeie terreine gebruik word. 'n Onderhoud is buigsaam en aanpasbaar by omstandighede en word soms gebruik as geen ander metode geskik is nie (De Wet et al., 1981:162 ; Mahlangu, 1987:87).

Die onderhoud word meestal deur die onderhoudvoerder geïnisieer met die doel om navorsingsrelevante inligting te bekom (Powney & Watts, 1987:6). Dit maak die deeglike opleiding van die onderhoudvoerders noodsaaklik (Johnson, 1977:158)(paragraaf 4.3.1.6).

'n Onderhoud is uniek in díe sin dat data ingesamel word deur

middel van direkte verbale interaksie tussen die betrokke individue. Dit is juis hierdie unieke eienskap van die onderhoud wat vir die spesifieke voordele (paragraaf 4.3.1.4.2) en nadele (paragraaf 4.3.1.4.3) daarvan verantwoordelik is (Borg & Gall, 1977:309-310 ; Borg, 1987:110 ; Wiersma, 1985:142).

* Die (pos)vraelys

'n Vraelys bestaan uit 'n aantal vrae op skrif wat, op versoek van die navorser, deur 'n aantal proefpersone beantwoord moet word (Van der Lith, 1991:147). 'n Vraelys moet baie deeglik en met oorleg saamgestel word en items moet in alle opsigte aansluit by die betrokke navorsingsprobleem (Borg, 1987:146-147).

Volgens Wiersma (1985:146) is die vraelys as meetinstrument onderhewig aan die meeste kritiek (paragraaf 4.3.1.4.6), maar dit is nogtans die instrument wat die meeste gebruik word om opvoedkundige inligting te bekom (Van der Lith, 1991:147). Die rede hiervoor is geleë in die talle voordele (paragraaf 4.3.1.4.5) wat die vraelys tog inhou vir gebruik in suksesvolle navorsing.

Die posvraelys as meetinstrument is veral baie effektief waar 'n groot getal proefpersone betrokke is (Mahlangu, 1977:79 ; De Wet et al., 1981:163).

Gestandaardiseerde instruksies word gewoonlik gegee sodat die proefpersone weet wat van hulle verwag word en hoe om die vrae te beantwoord (De Wet et al., 1981:163). Die vraelyste word gewoonlik aan die proefpersone gepos, wat dit weer op hulle beurt terugpos sodra die vraelyste voltooi is (Johnson, 1977:151). Dit is daarom belangrik om nie van die vraelys as meetinstrument gebruik te maak in gevalle waar die kans op reaksie bemoeilik word deur faktore soos ongereelde en onbetroubare poskantoordienste nie (Borg, 1987:147). Hierdie probleem kan egter effektief oorbrug word deur die persoonlike onderhoud met die gestruktureerde vraelys (paragraaf 4.3.1.4.4) te kombineer

(vergelyk paragraaf 4.3.1.4.1).

Alhoewel daar in vele opsigte ooreenkomste tussen die onderhoud en die vraelys as meetinstrument bestaan, is daar ook sekere belangrike verskille (Borg, 1987:142). Hierdie verskille sal in die vorm van voor- en nadele van die twee tipes meetinstrumente uitgewys word (paragraaf 4.3.1.4).

#### 4.3.1.4 Keuse van 'n meetinstrument

Om 'n navorsingsprobleem effektief op te los, moet die navorser op 'n geskikte meetinstrument besluit wat die besondere probleem die beste aanspreek (De Wet *et al*., 1981:161). Indien 'n meetinstrument gekies word wat nie geskik is vir die spesifieke navorsingsprobleem onder oë nie, kan dit tot mislukking van die navorsingsprojek lei.

Vervolgens gaan die twee mees algemene meetinstrumente wat in opvoedkundige navorsing gebruik word, naamlik die onderhoud en die vraelys (vergelyk paragraaf 4.3.1.3), ten opsigte van hulle voor- en nadele van naderby bekyk word. Daarvolgens kan op die mees geskikte keuse van 'n meetinstrument vir die doel van hierdie navorsing besluit word.

##### 4.3.1.4.1 Die persoonlike onderhoud

Daar bestaan twee hoofsoorte persoonlike onderhoude, naamlik die **gestruktureerde (formele)** onderhoud aan die een kant en die **ongestruktureerde (informele)** onderhoud aan die ander kant (De Wet *et al*., 1981:162-163 ; Borg & Gall, 1977:313 ; Mahlangu, 1987:88 ; Turney & Robb, 1971:133-134 ; Powney & Watts, 1987:17-18).

Met die **gestruktureerde onderhoud** word vrae vooraf beplan en die vrae word op dieselfde wyse en in dieselfde volgorde aan al die proefpersone gevra (De Wet *et al*., 1981:162 ; Turney & Robb, 1971:134). Die kenmerkende eienskap van díe soort onderhoud is

dat die vrae gestandaardiseer is, met ander woorde die respondent word gestel voor 'n aantal keuses van antwoorde by elke vraag waaruit hy/sy dan een kies waarmee die meeste saamgestem word. Response kan in sulke gevalle baie maklik geklassifiseer en ontleed word (De Wet et al., 1981:162).

Die **ongestruktureerde onderhoud** is meer buigsaam en informeel as die gestruktureerde onderhoud (De Wet et al., 1981:163). Daarmee word bedoel dat die respondent eie antwoorde konstrueer en nie beperk is tot 'n keuse van gegewe antwoorde soos by die gestruktureerde onderhoud nie (Wiersma, 1985:142). Die ontleding en interpretasie van die response word egter hierdeur bemoeilik (Turney & Robb, 1971:134).

Die persoonlike onderhoud kan baie effektief met 'n gestruktureerde vraelys gekombineer word. Op díe wyse kan betroubare inligting veral rondom persone se oortuigings van sekere sake asook kenmerkende gedragspatrone ingesamel word (Johnson, 1977:158 ; Powney & Watts, 1987:5). De Landsheere, soos aangehaal deur De Wet et al. (1981:163), omskryf hierdie besondere kombinasie van twee meetinstrumente as 'n gestruktureerde onderhoud in die vorm van 'n mondelinge vraelys.

Met hierdie unieke kombinasie van twee meetinstrumente, soos beskryf in bogenoemde paragraaf, word uiteindelik 'n meetinstrument saamgestel wat in vele opsigte meer doeltreffend is as die gebruik van elke tipe meetinstrument op sy eie. Dit word natuurlik ook bepaal deur die aard en doelstellings van elke unieke navorsingsprobleem.

4.3.1.4.2 Voordele van persoonlike onderhoude

* As gevolg van die persoonlike aard van onderhoude kry die navorser geleentheid om beter, vollediger én relevanter antwoorde te ontvang omdat moontlike vaaghede uit die weg geruim kan word en die respondente beter ingelig kan word presies waaroor die navorsingsprobleem handel en oor watter onderwerp(e) inligting

gesoek word (Wiersma, 1985:142 ; Mahlangu, 1987:89 Van der Lith ; 1991:146 ; Turney & Robb, 1971:135 ; Borg & Gall, 1979:310).

* 'n Beter persentasie terugvoering (100%) is 'n belangrike voordeel van die onderhoud in vergelyking met die vraelys as meetinstrument (Mahlangu, 1987:90 ; Van der Lith, 1991:146).

* Die onderhoudvoerder kan belangrike waarnemings uit die respondent se nie-verbale houding maak wat andersins nie moontlik is nie. Indien die onderhoudvoerder 'n ongemaklikheid of senuweeagtigheid by die respondent bemerk, kan die respondent verseker word van die anonimiteit en vertroulikheid waarmee alle inligting hanteer word (Mahlangu, 1987:90).

* 'n Belangrike voordeel van die persoonlike onderhoud vir die doel van hierdie navorsing, is dat inligting ook van swak-geletterde of ongeletterde individue verkry kan word (Wiersma, 1985:144).

* In die teenwoordigheid van 'n bekwame onderhoudvoerder, sal respondente meer openlik en reguit wees omdat hulle gemaklik voel en nie bedreig word deur 'n aantal vrae op 'n onpersoonlike vraelys nie (Van der Lith, 1991:147 ; Borg & Gall, 1979:310).

4.3.1.4.3 Nadele van persoonlike onderhoude

* In vergelyking met ander meetinstrumente waar die onderhoudvoerder se teenwoordigheid nie vereis word nie, is die kostes en tyd wat gepaard gaan met persoonlike onderhoude baie hoog (Van der Lith, 1991:147 ; Wiersma, 1985:144 ; Turney & Robb, 1971:135).

* Die gevaar bestaan dat die onderhoudvoerder sy persoonlike interpretasie aan antwoorde heg en sodoende die gegewens subjektief beïnvloed (Van der Lith, 1991:147 ; Mahlangu, 1987:91; Borg & Gall, 1979:311). Hierdie gevaar bestaan hoofsaaklik by gebruik van die ongestruktureerde onderhoud (vergelyk paragraaf

4.3.1.4.1).

* Die anonimiteit van die respondente is nie so goed gewaarborg soos wat dit die geval met die vraelys as meetinstrument is nie (Mahlangu, 1987:91).

* 'n Verdere nadeel van veral die ongestruktureerde onderhoud, is dat dit moeilik is om die betroubaarheid en soms ook die geldigheid daarvan te bepaal (De Wet et al., 1981:163)(vergelyk paragraaf 4.3.1.2).

4.3.1.4.4 Die (pos)vraelys

Net soos by die persoonlike onderhoud, kan daar tussen **gestruktureerde (geslote)** en **ongestruktureerde (oop)** vraelyste onderskei word (De Wet et al., 1981:163 ; Mahlangu, 1987:79-78 ; Borg & Gall, 1979:295 ; Wiersma, 1985:147 ; Turney & Robb, 1971:131).

'n **Gestruktureerde vraelys** bestaan uit vrae met alternatiewe antwoorde daarop, waaruit die respondent(e) dan díe een kies waarmee hy/sy die meeste saamstem (De Wet et al., 1981:163 ; Turney & Robb, 1971:131 ; Wiersma, 1985:147).

Die **ongestruktureerde vraelys** gee 'n vrye keuse van antwoorde en ook geleenthede om eie menings te lug (De Wet et al., 1981:163 ; Wiersma, 1985:147).

Tydens die bespreking van die voordele (paragraaf 4.3.1.4.5) en nadele (paragraaf 4.3.1.4.6) van die posvraelys as meetinstrument sal telkens, waar van toepassing, aangedui word watter een van die twee tipes vraelyste ter sprake is.

4.3.1.4.5 Voordele van (pos)vraelyste

* Een van die belangrikste voordele van die gestruktureerde (pos)vraelys, is dat dit maklik is om toe te pas deurdat dit

vooraf gekodeer kan word om kwantifisering, analisering en tabulering van data te vergemaklik (Steenkamp, 1991:71 ; De Wet et al., 1981:163 ; Turney & Robb, 1971:131 ; Borg & Gall, 1979:295).

* Meer vrae kan met die gestruktureerde (pos)vraelys per gegewe vraelyslengte oor 'n verskeidenheid onderwerpe hanteer word (Steenkamp, 1991:71).

* Die posvraelys is meer ekonomies ten opsigte van geld en tyd. Uitgawes ten opsigte van persoonlike besoeke en opleiding van onderhoudvoerders word beperk (Van der Lith, 1991:148 ; Turney & Robb, 1971:130 ; Steenkamp, 1991:71).

* 'n Groter aantal respondente wat oor 'n wye gebied versprei is kan deur middel van posvraelyste betrek word as deur persoonlike onderhoude, wat daartoe lei dat 'n meer geldige en verteenwoordigende steekproef verkry kan word (Steenkamp, 1991:72 ; Van der Lith, 1991:148).

* 'n Neiging tot 'n hoër betroubaarheid is waarneembaar. Omdat die posvraelys meer anoniem is, kan respondente onbelemmerd en sonder beïnvloeding van die onderhoudvoerder die vrae beantwoord (Steenkamp, 1991:72).

* 'n Verdere voordeel van die gestruktureerde vraelys is dat alle respondente dieselfde keuse van antwoorde ontvang en die data wat verkry word daarom meer vergelykbaar is as by die ongestruktureerde vraelys of die informele onderhoud (Van der Lith, 1991:148 ; Mahlangu, 1987:85).

4.3.1.4.6 Nadele van (pos)vraelyste

* 'n Lae persentasie vraelyste word soms terug ontvang (vergelyk paragraaf 4.3.1.3) wat gevolglik kan lei tot 'n minder verteenwoordigende steekproef (Van der Lith, 1991:148 ; Turney & Robb, 1971:130 ; Wiersma, 1985:146). Volgens Smit, soos

aangehaal deur Steenkamp (1991:71), word 'n responskoers van 60% onder optimale omstandighede deur die meeste ondersoeke behaal (in vergelyking met die 100% van die persoonlike onderhoud).

* Gestruktureerde vraelyste vertoon soms 'n onbuigsaamheid deurdat die respondent net een keuse uit 'n aantal voorgeskrewe antwoorde kan maak en deurdat geleentheid vir motivering waarom sekere antwoorde gekies word, ontbreek (Steenkamp, 1991:71 ; De Wet <u>et al</u>., 1981:163 ; Turney & Robb, 1971:131).

* Met 'n posvraelys is die vraelys self die enigste kommunikasiekanaal tussen die navorser en die respondent (Steenkamp, 1991:72). Dit kan lei tot onduidelikhede aan die kant van die respondent en waninterpretasie van sommige vrae (Van der Lith, 1991:148 ; De Wet <u>et al</u>., 1981:164 ; Johnson, 1977:153 ; Wiersma, 1985:146 ; Mahlangu, 1987:85). Hierdie probleem ontstaan ook dikwels wanneer posvraelyste aan persone met 'n lae opvoedingspeil gestuur word (Mahlangu, 1987:85).

* Aangesien die invul van vraelyste so 'n integrale deel van die hedendaagse samelewing geword het, het baie mense 'n negatiewe houding daarteen ontwikkel. Die gevolg is dat posvraelyste óf geïgnoreer word óf bloot meganies, sonder om enige moeite te doen, ingevul word (Steenkamp, 1991:73).

* Die posvraelys maak dit moeilik om die motiveringspeil van respondente vas te stel; 'n faktor wat dit moeilik maak om die geldigheid van response te beoordeel (Van der Lith, 1991:148).

* Dit is baie moeilik om die response van ongestruktureerde vraelyste te kwantifiseer en te analiseer (De Wet <u>et al</u>., 1981:163).

4.3.1.4.7 Keuse vir hierdie navorsing

Met die voorgaande uiteensetting van die voor- en nadele van die persoonlike onderhoud aan die een kant en die (pos)vraelys aan

die ander kant as verwysingsraamwerk, kan nou oorgegaan word tot die mees geskikte keuse van meetinstrument vir die doel en omstandighede van hierdie navorsing.

Indien vergelykenderwys na die voor- en nadele van spesifiek die gestruktureerde en ongestruktureerde (pos)vraelys gekyk word, is dit duidelik dat die gerief waarmee die data van 'n gestruktureerde vraelys geanaliseer en geïnterpreteer word, as 'n belangrike voordeel van díe tipe vraelys uitstaan. Laasgenoemde is dan ook 'n belangrike oorweging vir die meeste navorsers wanneer dit by die keuse van 'n geskikte meetinstrument kom. Hoewel daar onder geen omstandighede veralgemeen kan word nie, aangesien die navorsingsdoelstellings van individuele navorsingsprojekte verskil, gebeur dit dikwels dat die gestruktureerde vraelys as meetinstrument gekies word, juis omdat dit aan bogenoemde oorweging, naamlik die gerief waarmee data geanaliseer en geïnterpreteer word, beantwoord (Mahlangu, 1987:80).

Ook vir hierdie navorsing was 'n belangrike oorweging hoe maklik en vinnig die data van die gekose meetinstrument gekwantifiseer en geïnterpreteer kan word. Die gestruktureerde vraelys as meetinstrument is daarom onder andere vir hierdie navorsing gekies.

Die onbuigsaamheid van die gestruktureerde vraelys kan oorkom word deur by sommige vrae gebruik te maak van die afleier, "ander (spesifiseer asseblief)". Op díe manier kry respondente geleentheid om tog by sommige vrae hul eie standpunte weer te gee. Dit is dan ook hoe sommige vrae in die vraelys van hierdie navorsing gekonstrueer is.

Verder is gesien dat wanneer die posvraelys as meetinstrument gekies word, daar heelwat probleme kan intree indien nie rekening gehou word met die aard en omstandighede van die proefpersone nie. Een van die grootste nadele van die posvraelys (paragraaf 4.3.1.4.6) is byvoorbeeld die swak terugvoering. Indien die

proefpersone van die navorsingsprojek oor die algemeen oor 'n lae onderwyspeil beskik - soos die geval is met hierdie navorsing - ontstaan daar dikwels onduidelikhede met die vraelys omdat die persone nie die leesvermoë het om die vraelys (korrek) in te vul nie. Indien die pos- en telekommunikasiedienste van die gebied waar die steekproef geneem word verder ontoereikend is, word die terugvoer ook belemmer (vergelyk paragraaf 4.3.1.3).

Die probleem van swak terugvoer kan oorbrug word deur van die persoonlike onderhoud as meetinstrument gebruik te maak. Die persoonlike onderhoud leen hom ook uitstekend tot gevalle waar sommige van die proefpersone swak- of ongeletterd is (soos in hierdie navorsing die geval is).

Die gevaar wat die persoonlike onderhoud inhou dat die subjektiewe interpretasie van die onderhoudvoerder die antwoorde van respondente kan beïnvloed, kan grotendeels oorkom word deur die gestruktureerde vraelys in **kombinasie** met die persoonlike onderhoud te gebruik. Die anonimiteit van respondente kan verder gewaarborg word deur die effektiewe opleiding van onderhoudvoerders (paragraaf 4.3.1.6).

Met bogenoemde uiteensetting as riglyne, is daar dan besluit om in hierdie navorsing gebruik te maak van die **persoonlike onderhoud in kombinasie met die gestruktureerde vraelys** as meetinstrument. Hierdie kombinasie van twee meetinstrumente beantwoord die beste aan die doelstellings vir hierdie navorsing en pas ook in by die aard en omstandighede van die proefpersone (paragraaf 4.3.3).

4.3.1.5 Konstruksie van die vraelys

Ten einde die finale doelstellings (vergelyk paragrawe 1.6.3 en 1.6.4) van hierdie navorsing te bereik, was dit nodig om 'n betroubare meetinstrument op te stel. Die bepaalde afdelings van die vraelys asook die spesifieke vrae is opgestel met die literatuurstudie van hoofstukke 2 en 3 as verwysingsraamwerk.

In hoofstuk 2 is teoreties-ideale en harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge vanuit 'n Christelik-fundamenteel-opvoedkundige oogpunt gepresiseer. Die struktuur van die werklikheid (paragraaf 2.2) is as sleutel tot gesonde ouer-kind-verhoudinge gebruik, waaruit die struktuur van die Christelik-harmoniese huwelik (paragraaf 2.2.2.2) en gesin (paragraaf 2.2.2.3) en die verhoudinge daarbinne onder andere voortvloei (paragraaf 2.7). Die aard en struktuur van die ideale Christelike huwelik en gesin - soos blootgelê in die literatuur - word dan as toetsmodel (vergelyk Bylae A) gebruik waarteen die aard en struktuur van geïdentifiseerde huwelike en kerngesinne in die swart dorp Ikageng getoets word.

Volgens die literatuurstudie (paragraaf 2.2.2.3) is die harmoniese gesin die beste en ideale opvoedingsgemeenskap waarbinne die kind die kuns van 'n geordende saamleefstruktuur leer ken. Gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (paragraaf 2.7) binne die harmoniese gesin vorm naamlik die basis van toekomstige gebalanseerde intersamelewingsverhoudinge.

In hoofstuk 3 is gepoog om die tradisionele swartmens van Suid-Afrika - met spesifieke verwysing na die Tswanabevolking - beter te leer ken. Dit is gedoen aan die hand van 'n uiteensetting van hierdie mense se lewens- en wêreldbeskouing, hul samelewings=beskouing en gesinslewe en hulle opvoedingsgedagtes (paragraaf 3.4).

Die swartmense van Suid-Afrika was (en is in sommige gevalle steeds) genoodsaak om onder invloed van die Christendom, Westerse kultuur en die proses van verstedeliking op byna al die terreine van die lewe aanpassings te maak (paragrawe 3.5.2 en 3.5.3). Hierdie aanpassings was en is steeds die oorsaak van probleme wat sommige van hierdie mense ook in die gesinslewe ondervind. Vir die doel van hierdie navorsing word veral belang gestel in moontlike probleme wat sommige van die hedendaagse, verstedelikte swartmense spesifiek rondom ouer-kind-opvoedingsverhoudinge ondervind.

Deur middel van persoonlike onderhoude aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys, is daar beoog om vas te stel óf daar opvoedingsleemtes - veral wat betref die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge - in sommige van die geïdentifiseerde swart kerngesinne in die dorp Ikageng bestaan en wát hierdie leemtes is. Om sodanige leemtes te kon identifiseer moes die vrae versigtig en met deeglike inagneming van die toetsmodel (Bylae A) van ideale, harmoniese gesinsomstandighede gevra word.

Teen die agtergrond van voorgaande uiteensetting, waarin kernsake rondom die navorsingsprobleem uitgelig is, is besluit om die vraelys in vyf afdelings in te deel en elke afdeling só saam te stel dat die belangrikste faktore wat direk of indirek verband hou, of invloed het op die opvoedingsverhoudinge tussen ouers en kinders, aangeraak word.

* Afdeling A: Biografiese gegewens (vergelyk Bylae B, vrae 1-14)
* Afdeling B: Opvoedingsverhoudinge en kommunikasie (vergelyk Bylae B, vrae 1-17)
* Afdeling C: Enkele opvoedingspraktyke (vergelyk Bylae B, vrae 1-5)
* Afdeling D: Religieuse gebruike (vergelyk Bylae B, vrae 1-3)
* Afdeling E: Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys (vergelyk Bylae B, vrae 1-4)

4.3.1.6 Opleiding van onderhoudvoerders

Volgens Powney en Watts (1987:7) is een van die probleme wat soms deur opvoedkundige navorsers ervaar word wat op 'n relatiewe klein skaal navorsing doen, die feit dat die onderhoudvoerders waarvan gebruik gemaak word in sommige gevalle min, of selfs geen ervaring van die proses van onderhoudvoering het nie.

Die nadeel wat die persoonlike onderhoud as meetinstrument kan

inhou, naamlik dat die anonimiteit van die respondente nie so goed gewaarborg is as wat dit die geval met die posvraelys is nie (vergelyk paragrawe 4.3.1.4.3 en 4.3.1.4.7), kan soos volg grootliks uit die weg geruim word: deurdat moeite gedoen word met die effektiewe voorbereiding van die onderhoudvoerders en hulle onder andere daarop gewys word dat die respondent(e) gerus gestel moet word oor die anonimiteit en vertroulikheid waarmee alle inligting hanteer word (Turney & Robb, 1987:9).

Borg en Gall (1979:313) en Keeves (1988:463) wys ook op die noodsaaklikheid van gepaste opleiding van onderhoudvoerders. 'n Voorstel van stappe wat gevolg kan word tydens sodanige opleiding, word gemaak (Borg & Gall, 1987:313-314). Volgens Keeves (1988:463) kan hierdie stappe kortliks soos volg opgesom word:

* veldwerkers moet vertroud gemaak word met die basiese beginsels van meting
* die belangrikste tegnieke van onderhoudvoering moet beklemtoon word
* proeflopies waar onderhoude onder gekontroleerde omstandighede gevoer word, is noodsaaklik
* onderhoude moet sorgvuldig geëvalueer word

Die belangrikheid van effektiewe opleiding van onderhoudvoerders word soos volg deur Turney en Robb (1987:33) onderstreep: "...the style, characteristics, status and bias of an interviewer...may be crucial factors in the quality and reliability of the information collected." Hierdie eienskappe kan aangeleer word deur middel van goeie opleiding en daar hoef nie noodwendig gesoek te word na "the ideal interviewer type" nie (Keeves, 1988:463).

Die onderhoudvoerders moet die konteks en agtergrond van die navorsing begryp en kennis dra van die navorsingsdoelstellings. Die navorsingsdoelstellings en instansie namens wie die navorsing gedoen word, moet ook aan die respondente bekend gestel word en

klem moet gelê word op die belangrike rol wat die respondent in die navorsingsprojek te speel het (Keeves, 1988:461). Verder is dit belangrik dat die omstandighede van die proefpersone verstaan word, sodat sensitiewe vrae op 'n bekwame wyse hanteer kan word. Die persoonlikheid van die onderhoudvoerder moet van só 'n aard wees dat dit reg van die begin af vertroue by die respondent(e) inboesem. "Interviewees need to trust the person interviewing them...most of this trust depends on personality..." (Turney & Robb, 1987:40). 'n Gemoedelike en vriendelike kommunikasiemilieu sal ook bydra om die respondente op hulle gemak te stel (Keeves, 1988:461).

Om saam te vat moet 'n suksesvolle onderhoudvoerder dus oor sekere vaardighede beskik wat belangrik is in die proses van onderhoudvoering. Dit sluit in "listening, speaking, reading and writing skills" (Keeves, 1988:463).

In hierdie navorsing is nege Hoër Onderwysdiploma-nagraadse studente aan die PU vir CHO, asook een dosent in Fundamentele Opvoedkunde, as onderhoudvoerders geïdentifiseer, almal persone met 'n spesifieke belangstelling in Fundamentele Opvoedkunde.

'n Voorafbeplande opleidingskursus is aangebied. Die volgende aspekte is met die onderhoudvoerders behandel:

* die agtergrond van die vraelys;
* die doel van die vraelys wat veral op ouer-kind-opvoedingsverhoudinge gemik is (en geen ander sensitiewe sake soos politieke aangeleenthede nie);
* die betekenis van elke vraag met sy afleiers;
* kombinering van vraelyste en afleiers met die ontwikkelingsvlak van die respondente;
* die gebruik van die mees verstaanbare taal (in hierdie geval Afrikaans of Engels);
* anonimiteit van respondente;
* vertrouensverhouding tussen veldwerker en respondent;
* eerlikheid van beantwoording van vrae;

* tydsduur van die onderhoud.

Die meeste van die veldwerkers in hierdie navorsing het ondervind dat 'n groot getal van die respondente aanvanklik stram en selfs effens agterdogtig oorgekom het. Nadat die doel en betekenis van die navorsing egter verduidelik is, het bevooroordeeldheid verdwyn en is vrae eerlik en openhartig beantwoord. In sommige gevalle - veral by swak geletterde respondente - moes daar van verduidelikings gebruik gemaak word om die betekenis van sommige vrae op te klaar.

4.3.1.7 Loodsvraelys

Dit is noodsaaklik om 'n proeflopie met die vraelys te doen om moontlike onvoorsiene probleme te identifiseer (Steenkamp, 1991:75 ; Borg & Gall, 1979:70 ; Wiersma, 1985:151). Die volledige navorsingsprosedure behoort gevolg te word, wat die analisering van die data van die loodsondersoeke insluit (Powney & Watts, 1987:124). Die aantal proefpersone wat vir die loodsondersoek gebruik word, kan so min as drie wees en moet verkieslik van dieselfde populasie wees as waar die finale ondersoek uitgevoer gaan word (Borg & Gall, 1979:70,301 ; Mahlangu, 1987:82). Die hoofdoel van die loodsondersoek word deur Tuckman, soos aangehaal deur Mahlangu (1987:82) soos volg beskryf: "attempts to determine whether questionnaire items possess the desired qualities of measurement and discriminability."

Tydens die proeflopie vir hierdie navorsing is gebruik gemaak van werkers en studente aan die PU vir CHO. Twee van hierdie persone is M.Ed.-studente, een het standerd 8 en twee is ongeletterd - wat 'n goeie verspreiding van geletterdheidvlakke verteenwoordig. Drie van die persone wat in die proeflopie betrek is, was ook Tswanas wat in die dorp Ikageng - waar die finale ondersoek uitgevoer is - woonagtig is. Hierdie persone is egter nie weer in die finale ondersoek betrek nie.

Al vyf respondente van die loodsondersoek het baie positief op die onderhoude gereageer en sommige het selfs belangstelling in die beskikbaarstelling van die resultate van die finale ondersoek getoon.

Daar is veral gelet op moontlike probleme rondom duidelikheid en verstaanbaarheid van vrae, 'n effektiewe antwoordstruktuur en die tydsduur waarin die onderhoud aan die hand van die gestruktureerde vraelys voltooi is. Die geletterde persone wat by die proeflopie betrek is, het alle vrae dadelik gesnap terwyl sommige vrae eers redelik omvattend aan die ongeletterde respondente verduidelik moes word.

Geen probleme is dus met die loodsondersoeke ondervind nie en daar is oorgegaan na die finale ondersoek.

4.3.1.8 Finale vraelys

Die finale vraelys is gekonstrueer om aan die primêre doel van die empiriese ondersoek te beantwoord (vergelyk paragrawe 4.2 en 4.3.1.5).

Die vraelys is hierna deurgegee aan die Departement Psigo-opvoedkunde en aan 'n statistiese konsultant van die Fakulteit Opvoedkunde aan die PU vir CHO, vir kritiese besigtiging en rekenarisering van die vrae.

Nadat enkele wysigings aangebring is, is die finale vraelys ook in Engels vertaal en taalkundig versorg.

4.3.1.9 Administratiewe prosedures

'n Onderhoud is met mnr. Dries Huisamen (Administrator, Ikageng vir 1992) gevoer, waarin die aard en doelstellings van die navorsingsprojek voorgehou is (Huisamen, 1992). Heelwat inligting oor onder andere die stand van samelewingsverbande, sosio-ekonomiese verspreiding en demografiese gegewens in Ikageng is

tydens die onderhoud ingewing.

Verdere geografiese gegewens van Ikageng is ook deur Potchefstroom Munisipaliteit se navrae-afdeling verskaf.

Tydens 'n onderhoud met mnr. Sakkie Theron (stadsklerk, Ikageng) is die agtergrond van die navorsing gestel (Theron, 1992). Verlof is toegestaan dat veldwerkers op 15 en 22 Augustus onderhoude in Ikageng met geïdentifiseerde gesinne kon voer (hoewel die prosedure van onderhoudvoering later gewysig moes word - vergelyk paragraaf 4.3.3). Die nuutste ontwikkelingsplan van die dorp Ikageng is ook tydens die onderhoud bespreek.

'n Telefoniese onderhoud is met kaptein Joubert (Ikageng-polisie afdeling) gevoer, waartydens reëlings in verband met die besoeke aan Ikageng getref is (Joubert, 1992). As gevolg van 'n onvoorsiene besoek van die A.N.C. aan Ikageng op 15 Augustus, moes die prosedure van onderhoudvoering egter gewysig word (vergelyk paragraaf 4.3.3). Geografiese gegewens van Potchefstroom-dorp is by die Munisipaliteit van Potchefstroom verkry en die respondente is vervolgens by hul onderskeie werksplekke geïdentifiseer en nie by hul huise soos aanvanklik beplan is nie (vergelyk paragraaf 4.3.3).

### 4.3.2 Populasie

Daar word in navorsingskringe onderskei tussen die **universum of doelpopulasie** aan die een kant en die **bereikbare populasie aan die ander kant** (Borg & Gall, 1979:179 ; De Wet et al., 1981:112). Die **doelpopulasie** is die omvattende versameling waarop die navorsing betrekking het en na wie die resultate van 'n ondersoek veralgemeen kan word. Dit is egter meestal nie moontlik om met die hele doelpopulasie te werk nie en dit is waar die **bereikbare populasie** ter sprake kom. Die **bereikbare populasie** is dáárdie gedeelte van die doelpopulasie wat wel bereik kan word (De Wet et al., 1981:112).

In die onderhawige studie sou die doelpopulasie álle swart dorpe in Suid-Afrika wees. Omdat dit egter finansieel en tydsgewys onmoontlik is om die ondersoek op daardie groot skaal uit te voer, is 'n bereikbare populasie geïdentifiseer, naamlik die ongeveer 90 000 inwoners van die swart dorp Ikageng net buite Potchefstroom.

### 4.3.3 Steekproef

Die bereikbare populasie is egter in die meeste navorsings=projekte wat uitgevoer word, steeds te groot om al die lede daarvan by die betrokke ondersoek te betrek (De Wet et al., 1981:110). Dit is in sulke gevalle waar 'n steekproef handig te pas kom. 'n Steekproef is 'n gedeelte van die bereikbare populasie.

Om egter steeds geldige afleidings en veralgemenings te kan maak, moet 'n steekproef verteenwoordigend van die bereikbare populasie wees; dit beteken die steekproef moet dieselfde kenmerke as die bereikbare populasie besit (De Wet et al., 1981:110). Verder is dit belangrik dat die steekproef volgens 'n doeltreffende metode geneem word, wat die beste inpas by die struktuur van die betrokke bereikbare populasie. Die veralgemening van bevindinge volgens die steekproef na die bereikbare populasie, behoort nie 'n probleem te wees as die steekproefneming goed beheer word nie. Statistici en ander deskundiges het verskeie riglyne en metodes vir doeltreffende steekproefneming ontwikkel (vergelyk De Wet et al., 1981:111-118).

Vir die doel van hierdie navorsing word slegs ingegaan op die metode van trossteekproefneming (ook genoem bundelsteekproef=neming) (vergelyk Borg & Gall, 1979:187-188 ; De Wet et al., 1981:115-116 ; Wiersma, 1985:197-198 ; Johnson, 1977:149), aangesien dit die mees geskikte metode van steekproefneming vir hierdie navorsing is.

In gevalle waar die lede van die bereikbare populasie gegroepeer

is in byvoorbeeld skole, woonstelblokke, klasse, woonbuurtes, ensovoorts, is dit gerieflik en ekonomies om sodanige groepe of "bundels" te nommer en daarvan sistematiese steekproewe te neem (De Wet et al., 1981:115 ; Wiersma, 1985:198).

Waar die bereikbare populasie in hierdie navorsing die inwoners van die dorp Ikageng is, is dit maklik om die munisipale gebied van die dorp in blokke te verdeel en dan die steekproef op 'n sistematiese wyse uit elke sodanige blok te neem. Onderhoude kan dan met geïdentifiseerde persone in Ikageng-dorp self gevoer word. Dit is dan ook die prosedure wat gevolg sou word. Op aanbeveling van die S.A.P. se Stabiliserings onluste-eenheid van Potchefstroom, is die Ikageng-dorp besoeke van 15 en 22 Augustus egter gekanselleer as gevolg van besoekers van die A.N.C. uit Soweto.

Daar is besluit om Potchefstroom-blanke dorp nou in streke te verdeel en steeds op 'n sistematiese wyse 'n aantal besoekpunte te identifiseer. Die geïdentifiseerde swartmense is dan by hulle onderskeie werksplekke ondervra in plaas van by hulle huise soos aanvanklik beplan is. Besoekpunte wat geïdentifiseer is, sluit die hele woongebied van Potchefstroom in, die nywerhede, sommige besighede, asook hospitale.

Nadat daar telkens telefonies samewerking van die onderskeie werkgewers verkry is, is voortgegaan met die onderhoudvoering sonder enige probleme. Voordat met 'n onderhoud begin is, is daar eers vasgestel of die respondent wel in Ikageng woonagtig is. Indien wel, is die woonadres van die persoon, indien dit beskikbaar is, ingewing. Die respondente wat geïdentifiseer is, is goed verteenwoordig vanuit die hele dorp Ikageng.

Twee van die veldwerkers kon egter tog op 'n later stadium hulle onderhoude in Ikageng sélf voer, waardeur die steekproef meer verteenwoordigend gemaak is.

### 4.3.4 Statistiese prosedure

#### 4.3.4.1 Inleiding

Oorspronklike rou data is moeilik om te gebruik aangesien dit nie georden is nie. Om hierdie gegewens dus betekenisvol te maak, kan gebruik gemaak word van 'n verskeidenheid statistiese metodes (Mahlangu, 1987:93). Soos Mahlangu (1987:93) dit stel: "Everything dealing with the collection, analysis, interpretation and representation of numerical data is called statistics."

In feitlik alle empiriese ondersoeke word deesdae gebruik gemaak van die gerief van die rekenaar om groot hoeveelhede data vinnig en akkuraat te verwerk (Hattingh, 1980:303). 'n Groot verskeidenheid programpakke wat sodanige statistiese verwerkings doen, bestaan op die mark. Een van die gewildste programpakke, ook vir gebruik in opvoedkundige navorsing, is die SAS-programpakket (Statystical Analysis System) (paragraaf 4.3.4.2).

#### 4.3.4.2 S.A.S.-programpakket

Hierdie stelsel is in 1972 in Amerika ontwikkel en bevat programme vir sortering en ordening van data. Verder maak dit onder andere voorsiening vir enkel- en meervoudige vergelykings (Hattingh, 1980:350 ; De Wet et al., 1981:263). Hierdie pakket was dan ook die keuse vir dié navorsing.

Nadat die vraelyste terug ontvang is, is die data ingesleutel en vasgelê met behulp van 'n hoofraamrekenaar van die PU vir CHO. Die data is vervolgens verwerk met 'n SAS-programpakket.

#### 4.3.4.3 Frekwensie-ontleding

Tydens die verwerking van data is daar van frekwensieprosedures gebruik gemaak om die data te omskryf, sowel as van tweerigtingfrekwensie-ontledings(FREQ-prosedure)(SAS-Instituut, 1985). Die doel met die vasstelling van die frekwensiepatroon van

data is om 'n beeld te verkry van hoe daar gerespondeer is op verskillende items van verskillende afdelings van die vraelys.

Met tweerigtingfrekwensies kan vasgestel word of daar betekenisvolle verbande tussen sekere geïdentifiseerde vrae bestaan, al dan nie.

## 4.4 INTERPRETASIE VAN DATA

### 4.4.1 Inleiding

Afleidings wat gemaak word uit hierdie vraelys geld slegs vir die swart kerngesinne wat in die steekproef betrek is en kan nie as algemeen geldend vir alle swart gesinne in Suid-Afrika beskou word nie.

Die data word telkens geanaliseer soos wat dit vir die hele steekproef geld. Waar hierdie navorsing egter op die **kerngesin** gerig is, is die besonderhede van die kerngesin verkry deur vraag 3(a) van Afdeling A van die vraelys met elkeen van die ander item-response te koppel. Die gegewens wat op díe wyse verkry is, word telkens by die ontleding van die hele steekproef se data uitgelig - slegs indien dit betekenisvol van laasgenoemde se data verskil. Die data van die kerngesin word dus nie ook in tabelvorm weergegee nie. Gevalle waar die totale van sommige vrae se response nie 100 is nie, is voorbeelde van vrae wat nie deur al die respondente beantwoord is nie.

Die vraelysresponse met betrekking tot die volgende sake word chronologies aangebied, geanaliseer en geïnterpreteer: (in ooreenstemming met die onderskeie afdelings van die vraelys)

* Biografiese gegewens (Afdeling A)
* Opvoedingsverhoudinge en -kommunikasie (Afdeling B)
* Enkele opvoedingspraktyke (Afdeling C)
* Religieuse gebruike (Afdeling D)
* Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys (Afdeling E)

### 4.4.2 Biografiese gegewens (Afdeling A)

In Tabel 1 word die biografiese besonderhede van die respondente weergegee. Die keuses word volgens 'n persentasie uitgedruk om 'n duidelike beeld te skep van die keuses wat die respondente telkens uitgeoefen het.

4.4.2.1 **Tabel 1**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| A1 | Deur wie word hierdie vraelys beantwoord? | |
| a | Vader | 38 |
| b | Moeder | 44 |
| c | Gesamentlik | 0 |
| d | Enkelouer (vader) | 4 |
| e | Enkelouer (moeder) | 12 |
| f | Grootouers | 1 |
| g | Ander (tante) | 1 |
| A2.1 | Wat is die ouderdom van die vader van die gesin tans? | |
| a | Jonger as 25 jaar | 2 |
| b | Tussen 25 en 30 jaar | 9 |
| c | Tussen 30 en 35 jaar | 16 |
| d | Tussen 35 en 45 jaar | 32 |
| e | Ouer as 45 jaar | 20 |
| A2.2 | Wat is die ouderdom van die moeder tans? | |
| a | Jonger as 25 jaar | 7 |
| b | Tussen 25 en 30 jaar | 18 |
| c | Tussen 30 en 35 jaar | 28 |
| d | Tussen 35 en 45 jaar | 28 |
| e | Ouer as 45 jaar | 17 |
| A3 | Watter van die volgende persone woon almal saam onder een dak? | |
| a | Vader en moeder met eie kind(ers) | 44 |
| b | Moeder alleen met eie kind(ers) | 14 |
| c | Vader alleen met eie kind(ers) | 2 |
| d | Vader, moeder, eie kinders, grootouer(s) en ander familielede | 9 |
| e | Ander | 30 |
| A4.1 | Is daar kinders in die gesin? | |
| a | Ja | 100 |
| b | Nee | 0 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| A4.2 | Wat is die getal kinders in die gesin? | |
| a | 0 | 1 |
| b | 1 | 18 |
| c | 2 | 31 |
| d | 3 | 17 |
| e | 4 | 13 |
| f | 5 | 6 |
| g | 6 | 7 |
| h | 7 | 5 |
| i | 8 | 2 |
| A4.3 | Wat is die ouderdom van die jongste kind? | |
| a | Tussen 1 en 5 jaar | 33 |
| b | Tussen 5 en 10 jaar | 37 |
| c | Tussen 10 en 15 jaar | 15 |
| d | Tussen 15 en 23 Jaar | 10 |
| A4.4 | Wat is die ouderdom van die oudste kind? | |
| a | Tussen 1 en 8 jaar | 23 |
| b | Tussen 8 en 16 jaar | 34 |
| c | Tussen 16 en 24 jaar | 24 |
| d | Tussen 24 en 32 jaar | 12 |
| e | Tussen 32 en 47 jaar | 7 |
| A5 | Dink u dit is prakties moontlik om in vandag se moeilike tye 'n groot gesin te hê? (vier kinders en meer?) | |
| a | Nee, daar kan beter vir 'n kleiner gesin gesorg word | 95 |
| b | Onseker | 2 |
| c | Ja, want baie kinders is 'n teken van rykdom waardeur moeilike ekonomiese tye oorkom word | 2 |
| A6 | Is die huis waarin u woon gebou van.. | |
| a | Sink | 28 |
| b | Hout | 1 |
| c | Stene | 71 |
| A7 | Hoeveel vertrekke het u huis? | |
| a | Een | 5 |
| b | Twee | 21 |
| c | Drie | 9 |
| d | Vier of meer | 65 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| A8 | Het u 'n televisie? | |
| a | Ja | 71 |
| b | Nee | 29 |
| A9 | Dra u en u gesin soms nog tradisionele drag? | |
| a | Ja, gereeld | 1 |
| b | Soms, met spesifieke geleenthede | 15 |
| c | Nee, nooit | 84 |
| A10 | Aan watter etniese groep behoort u? | |
| a | Tswana | 63 |
| b | Ander | 31 |
| A11.1 | Wat is die hoogste standerd wat die vader van die gesin op skool geslaag het? | |
| a | Geen | 7 |
| b | Laerskool | 14 |
| c | Informele opleiding | 0 |
| d | Standerd 6 | 18 |
| e | Standerd 7 | 3 |
| f | Standerd 8 | 10 |
| g | Standerd 9 | 8 |
| h | Standerd 10 | 13 |
| i | Ander | 6 |
| A11.2 | Wat is die hoogste standerd wat die moeder van die gesin op skool geslaag het? | |
| a | Geen | 5 |
| b | Laerskool | 27 |
| c | Informele opleiding | 0 |
| d | Standerd 6 | 19 |
| e | Standerd 7 | 10 |
| f | Standerd 8 | 16 |
| g | Standerd 9 | 6 |
| h | Standerd 10 | 8 |
| i | Ander | 3 |
| A12 | Wat is u kerkverband? | |
| a | Reformatories | 28 |
| b | Sionisties | 2 |
| c | Rooms Katoliek | 28 |
| d | Kerkloos | 0 |
| e | Ander | 34 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| A13.1 | In watter van die volgende beroepsgroepe val die vader? | |
| a | Professioneel (opleiding by universiteit/kollege) | 11 |
| b | Administratiewe werk | 11 |
| c | Ambag | 9 |
| d | Bemarking | 2 |
| e | Ongeskoolde arbeid | 31 |
| f | Ander | 14 |
| A13.2 | In watter van die volgende beroepsgroepe val die moeder? | |
| a | Professioneel (opleiding by | |
| b | universiteit/kollege) | 9 |
| c | Administratiewe werk | 3 |
| d | Ambag | 3 |
| e | Bemarking | 2 |
| f | Ongeskoolde arbeid | 58 |
| g | Ander | 16 |
| A14 | Is u tans.. | |
| a | Werkloos | 9 |
| b | In diens | 86 |

4.4.2.2 Data-ontleding en evaluering

**Uit Tabel 1 blyk die volgende:**

* Vraag A1

Die vraelyste is redelik verteenwoordigend deur vaders en moeders afsonderlik beantwoord. Geen vraelys is deur die ouers gesamentlik ingevul nie - 'n moontlike verklaring hiervoor kan geleë wees in die feit dat die meeste onderhoude by die respondente se onderskeie werksplekke gevoer moes word (vergelyk paragraaf 4.3.3). Die 9% werklose respondente is deur die twee veldwerkers geïdentifiseer wat by woonhuise in Ikageng self hulle onderhoude gevoer het (vergelyk paragraaf 4.3.3).

Volgens meneer Sakkie Theron (stadsklerk, Ikageng), is gesinsverbrokkeling 'n kommerwekkende verskynsel in Ikageng en kom enkelouergesinne, veral enkelmoeder-kindgesinne, algemeen

voor (Theron, 1992). Die 16% enkelouers wat in hierdie ondersoek voorkom is dus minder as wat verwag is. Klem moet egter weereens daarop geplaas word dat hierdie bevindinge nie as algemeen geldend vir alle swart gesinne in Suid-Afrika gestel kan word nie.

* Vrae A2.1 en A2.2

Die meerderheid van die vaders uit die steekproef val in die ouderdomsgroep tussen 35 en 45 jaar. Die vaders is oor die algemeen ouer as die moeders en die tipiese moeder wat in hierdie navorsing ondervra is, is tussen 30 en 45 jaar oud.

Die feit dat die meerderheid ouers ouer as 35 jaar is, kan daarop dui dat 'n groot groep van die kinders uit die huisgesinne wat in die steekproef betrek is, in 'n meer gevestigde opvoedingsmilieu grootword.

* Vraag A3

Die grootste getal respondente is lede van kerngesinne. Hierdie bevinding is verblydend, aangesien die hedendaagse industriële samelewing eise stel waaraan die saamgestelde gesinstipes (soos die poligamiese- of uitgebreide gesin), nie kan voldoen nie (vergelyk paragraaf 3.3.3.3).

Die kerngesin is egter in heelwat opsigte kwesbaar binne hierdie industriële samelewing (paragraaf 3.3.3.4). Soos die data-analisering vorder, sal gepoog word om vas te stel of die kerngesinne wat in die steekproef betrek is, ook sommige van hierdie knelpunte ervaar (vergelyk ontleding van vrae A4.1 en B7.2).

Die 16% enkelouergesinne stem ooreen met die data soos verkry in vraag A1.

Waar 'n redelike groot getal van die respondente verkies het om

'n eie antwoord by hierdie vraag te gee, moes elke vraelys afsonderlik deurgegaan word om sodanige response te identifiseer. Daar is gevind dat die ander gesinstipes uit multigenerasie- en uitgebreide gesinstipes bestaan. Dit blyk dat die multigenerasie gesinstipe meer dikwels voorkom as die uitgebreide gesinstipe; 'n resultaat wat daarop dui dat 'n redelike groot getal van die respondente, wat die samestelling van die gesin betref, nog nie volkome verwesters het nie.

'n Verdere moontlike verklaring vir hierdie bevinding kan ook geleë wees in die probleem van behuising van swart verstedelikte gesinne (vergelyk paragraaf 3.5.4.5). Die mense is dus weens omstandighede genoodsaak om as 'n groot familie saam te woon - al is dit nie noodwendig hoe hulle dit verkies nie (vergelyk resultaat van vraag A5).

* Vrae A4.1 tot A4.4

Al die respondente wat ondervra is, het kinders in die gesin. Die feit dat daar tussen een en drie kinders in die meeste huisgesinne voorkom, dui daarop dat 'n redelike groot getal van die swartmense wat in die steekproef betrek is, as gevolg van verstedeliking en die gepaardgaande eise van 'n industriële samelewing, nie meer groot gesinne soos in die tradisionele opset as norm gebruik óf kan bekostig nie. Dit wil dus voorkom asof 'n groot getal hedendaagse swart kerngesinne as ekonomies kwesbaar beskryf kan word (vergelyk data-ontleding, vraag A3 asook paragraaf 3.3.3.4).

Die ouderdomme van die meeste van die jongste kinders wissel tussen 1 en 10 jaar terwyl die oudste kinders oor die algemeen tussen 8 en 16 jaar oud is.

* Vraag A5

Die feit dat 'n oorweldigende meerderheid van die respondente (95%) van mening is dat 'n groot gesin in vandag se moeilike

ekonomiese tye nie prakties moontlik is nie, is waarskynlik 'n aanduiding dat die swartmense wat in hierdie steekproef betrek is, reeds in só 'n mate verwesters het dat hulle aangepas het by die gesinsgrootte wat aan die eise van 'n industriële samelewing kan voldoen (vergelyk paragrawe 3.3.3.3 en 3.5.3.2.4).

* Vraag A6

Die grootste getal van die respondente se huise is van stene gebou. Waar die steekproef baie verteenwoordigend deur die hele dorpsgebied van Ikageng versprei is, dui hierdie resultaat daarop dat die respondente oor die algemeen redelik goed versorg is ten opsigte van woonplekke.

Die 28% sinkhuise wat wel voorkom, is egter 'n realiteit en hierdie mense lewe dikwels onder haglike omstandighede; 'n situasie wat hom maklik leen tot ongesonde verhoudinge tussen ouers en kinders aangesien dit frustrasie en spanning tussen gesinslede veroorsaak (paragraaf 3.5.4.5).

* Vrae A7 en A8

Uit die response blyk dit dat die huise waarin 'n groot getal van die respondente woon, nie so swak uitgelê en toegerus is as wat die verwagting was nie. Mnr. Johan Oosthuizen (administrator van Ikageng, 1991) het byvoorbeeld voorspel dat die meeste huise in Ikageng maar gemiddeld drie vertrekke het en dat die getal mense in hierdie huise gewoonlik nie minder as ses is nie (Oosthuizen, 1991).

Die feit dat 71% van die respondente uit die steekproef 'n televisie het, gee oor die algemeen nie die indruk van uiterste armoede nie. Dit skep ook die indruk dat die swartmense wat in die steekproef betrek is, al in 'n groot mate verwesters het.

Daar bestaan egter wel swartmense - ook in hierdie steekproef - met wie dit finansieel nìe so goed gaan nie en hierdie mense

ervaar waarskynlik spanning en frustrasie. Laasgenoemde kan ook in die verhoudinge tussen gesinslede gereflekteer word.

* Vraag A9

Hierdie vraag het in sommige gevalle ongemak by die respondente laat ontstaan. Dit blyk dus dat die mense die kwessie rondom tradisionele kleredrag as 'n sensitiewe saak beskou en dalk nie heeltemal eerlik met hulle antwoorde wou wees nie.

Die grootste meerderheid respondente (84%) dra klaarblyklik nooit meer tradisionele drag nie. Dit wil dus voorkom asof die hedendaagse Tswana-bevolking oor die algemeen wat kleredrag betref, grootliks deur Westerse idees beïnvloed is.

Die stelling van Mbiti (1969:xi), wat die invloed van verwestering op swartmense as redelik oppervlakkig beskryf, blyk dus vandag nog vir 'n groepie swartmense geldig te wees. Volgens Mbiti word veral die materialistiese sy van die lewe deur verwestering beïnvloed en word baie swartmense wat hulle lewens- en wêreldbeskouing betref, nog deur tradisionele oortuigings gerig en gelei (vergelyk paragraaf 3.5.2.2.6).

Of laasgenoemde stelling ook in hierdie ondersoek bevestig gaan word, sal vasgestel kan word by die ontleding van vraag 2 van afdeling D.

Vyftien persent van die respondente dra slegs tydens religieuse byeenkomste, feeste, huwelikseremonies en begrafnisse tradisionele drag.

Wat baie belangrik is, is dat die swartmense se kultuur as net so uniek en waardevol beskou moet word as enige ander nasie s'n. Alhoewel die industriële, verwesterse samelewing ter wille van oorlewing sekere aanpassings van die tradisionele swartmense vereis, is dit nie nodig dat hierdie mense geheel en al van alle kultuurwaardevolle elemente vervreem moet word nie (vergelyk

paragraaf 3.5.2.4). Die feit dat sommige respondente ongemaklik gevoel het by die beantwoording van hierdie vraag, dui daarop dat die hedendaagse verstedelikte swartmens in baie gevalle aan 'n identiteitskrisis ly en onseker is waar hul eie kultuur inpas by die kultuurvreemde Westerse samelewing.

* Vraag A10

Meer as helfte van die respondente is lede van die Tswana-bevolkingsgroep, 'n situasie wat by die ontleding van die data in ag geneem moet word, aangesien elke nasie oor unieke en kenmerkende eienskappe beskik.

Volgens prof. S.A. Swanepoel (Departementshoof Afrikatale, PU vir CHO) is die Tswanamense uiteraard rustig, spontaan en vriendelik (Swanepoel, 1992) (vergelyk vraag C2).

* Vrae A11.1 en A11.2

Waar ongeveer eweveel vaders van die steekproef óf net laerskoolopleiding ontvang het, óf standerd 10 geslaag het, is dit moeilik om afleidings oor die geletterdheidsvlak van die vaders uit die steekproef te maak.

Indien die getal vaders met geen opleiding en laerskoolopleiding (21%) egter vergelyk word met die getal wat 'n standerd op hoërskool geslaag het (52%), blyk dit dat 'n beduidende meerderheid vaders minstens kan lees en skryf. In terme van Westerse standaarde verkeer die grootste getal van die vaders egter steeds op 'n lae ontwikkelingsvlak - 'n situasie wat moontlik spanning in die verhouding tussen ouer en kind kan meebring (vergelyk paragraaf 1.2 en ontleding van Afdeling B, vraag 15).

Ongeveer dieselfde bevindings geld vir moeders van die steekproef. Dit blyk egter duidelik dat die moeders oor die algemeen tot 'n laer standerd op skool as die vaders gevorder

het. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die sterk klem wat swartmense (veral in die tradisionele milieu) op die voortplantingsfunksie van die vrou lê (paragraaf 3.4.4.7). Die Westerse gebruik waar die vrou as mede-broodwinner optree, is moontlik nog nie so sterk ontwikkel onder die spesifieke groep mense wat in die steekproef betrek is nie.

* Vraag A12

Waar hierdie navorsing die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge vanuit 'n Christelik-fundamenteel-opvoedkundige perspektief ondersoek, is die feit dat 92% van die respondente definitief aan een of ander kerk behoort, 'n verblydende resultaat. Daar word vir die doel van hierdie navorsing egter nie ingegaan op beginselverskille wat tussen die verskeidenheid van kerkverbande bestaan waaraan die respondente behoort nie.

* Vrae A13.1 en A13.2

Die klein persentasie vaders (11%) en moeders (9%) wat in professionele beroepsgroepe val, is 'n aanduiding dat opleiding by universiteite of kolleges nie as 'n algemene verskynsel voorkom onder respondente wat in hierdie navorsing betrek is nie. Administratiewe werk en ambagte kom redelik dikwels as beroepe voor, maar die grootste persentasie vaders (31%) en moeders (58%) verrig ongeskoolde arbeid.

Van die vaders wat ander beroepe beoefen, is daar 4% wat lede van die S.A.P. is en 10% van die moeders wat as voltydse huisvrouens funksioneer. Die redes waarom hierdie moeders nie werk nie, wissel waarskynlik baie. Dat 'n geskikte opvoedingsmilieu vir die kinders van sodanige gesinne egter makliker geskep kan word as wanneer beide ouers werkend is, is nie te betwyfel nie. Of die finansiële situasie van gesinne waar slegs die vader beroepsarbeid verrig egter wel in alle gevalle gunstig is, is 'n vraag wat nie met soveel sekerheid beantwoord

kan word nie - veral wanneer die hedendaagse hoë lewenskoste in ag geneem word (vergelyk paragraaf 3.5.4.4).

Uit die gegewens van vrae 13.1 en 13.2 blyk dit dus dat 'n groot persentasie van die swart ouers uit die steekproef waarskynlik moeilik 'n staanplek in die hedendaagse industriële samelewing met sy hoë eise sal kry. Waar só 'n staanplek die waarborg van finansiële sukses is, lyk dit asof daar nog heelwat opheffings- en opleidingswerk, ook onder volwasse swartmense, nodig is.

Die kerngesin se data verskil slegs in een opsig van díe van die hele steekproef. Die persentasie vaders wat professionele beroepe beoefen, is naamlik hoër (20,5%) as die 11% vaders uit die hele steekproef.

Dit lyk dus asof die mate van verwestering onder die swartmense wat in die steekproef betrek is, weerspieël word in die struktuur van die gesin en in die beroepsgroep van veral die vader (vergelyk paragraaf 3.5.3.2.4).

* Vraag A14

Waar die meerderheid respondente (86%) wel in 'n beroep staan, kan afgelei word dat hierdie gesinne oor die algemeen ook oor die vermoë beskik om 'n gunstige opvoedingsklimaat vir hulle kinders te skep.

### 4.4.3 Opvoedingsverhoudinge en -kommunikasie (Afdeling B)

In tabel 2 word die respondente se keuses ten opsigte van enkele aspekte van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge volgens 'n persentasie uitgedruk. Met die data wat verkry is uit die onderhoude, word probeer om vas te stel of die verhoudinge tussen man en vrou, tussen kinders onderling en tussen ouers en kinders voldoen aan die vereistes van toereikendheid - soos gestel in die toetsmodel van ideale opvoedingsverhoudinge (vergelyk Bylae A).

Die blootlê van moontlike gebrekkige verhoudinge tussen ouers en kinders kan as 'n kennisbasis dien waarvolgens opvoedkundig verantwoordbare verrykingskursusse vir sodanige ouers opgestel en aangebied kan word (paragraaf 5.2.3).

Gesonde opvoedingsverhoudinge wat wel bestaan, kan dien as voorbeeld en verwysingsraamwerk vir verrykingskursusse aan ouers in opvoedingsnood.

4.4.3.1 Tabel 2

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| B1 | Glo u in 'n liefdevolle verhouding tussen een man en een vrou as gelykwaardige mense? | |
| a | Ten volle | 95 |
| b | Gedeeltelik | 4 |
| c | Glad nie | 1 |
| B2 | Is daar liefdevolle en ondersteunende verhoudings tussen die kinders van die gesin? | |
| a | Altyd | 67 |
| b | Meestal | 28 |
| c | Soms | 0 |
| d | Nooit | 0 |
| B3.1 | Wat is volgens u die hoofrol van die vader in die huisgesin? | |
| a | Liefdevolle gesagsfiguur wat help met die versorging en opvoeding van die kinders | 82 |
| b | Handhawer van dissipline | 8 |
| c | Broodwinner alleen | 2 |
| d | Ander | 2 |
| B3.2 | Wat is volgens u die hoofrol van die moeder van die gesin? | |
| a | Liefdevolle versorging van die gesin en opvoeding van die kinders | 91 |
| b | Om die huishouding aan die gang te hou | 8 |
| c | Om kinders in die wêreld te bring | 0 |
| d | Ander | 0 |
| B4 | Wie versorg die kinders in die afwesigheid van werkende ouers? | |
| a | Kleuterskool (voorskoolse kinders) | 7 |
| b | Naskoolsentrum (ouer kinders) | 0 |
| c | Oom of tante | 6 |
| d | Grootouer(s) | 37 |
| d | Ouer broers of susters | 15 |
| f | Ander | 31 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| B5 | Toon u liefde teenoor u kind deur hom of haar te druk en te soen | |
| a | Ja, gereeld | 65 |
| b | Soms | 29 |
| c | Nooit | 6 |

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | | |
|---|---|---|---|---|
| B6 | Beantwoord asseblief al die onderstaande stellings | | | |
| | | TEN VOLLE | GEDEELTELIK | GLAD NIE |
| B6.1 | Ek is bewus daarvan dat my kind(ers) sekere talente het | 65 | 19 | 12 |
| B6.2 | Ek stel belang in wat my kind(ers) elke dag doen | 83 | 12 | 4 |
| B6.3 | Ek ken my kind(ers) se diepste behoeftes | 55 | 29 | 13 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| B7.1 | Hoeveel tyd bestee u as moeder gemiddeld per dag aan elke kind(ers) - afgesien van die normale huishoudelike take? | |
| a | Meer as 30 minute | 64 |
| b | Minder as 30 minute | 23 |
| c | Geen tyd nie | 4 |
| B7.2 | Hoeveel tyd bestee u as vader gemiddeld per dag aan elke kind(ers)? | |
| a | Meer as 30 minute | 43 |
| b | Minder as 30 minute | 30 |
| c | Geen tyd nie | 3 |
| B8 | Word die verhouding tussen u as ouer en u kind(ers) meer intiem soos wat die kind(ers) ouer word? | |
| a | Beslis | 70 |
| b | Onseker | 22 |
| c | Glad nie | 4 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| B9.1 | Kommunikeer u as vader maklik met u kind(ers)? | |
| a | Baie maklik, ons verstaan mekaar | 59 |
| b | Redelik maklik | 11 |
| c | Nee, ons het dikwels misverstande | 0 |
| B9.2 | Kommunikeer u as moeder maklik met u kind(ers)? | |
| a | Baie maklik, ons verstaan mekaar | 83 |
| b | Redelik maklik | 10 |
| c | Nee, ons het dikwels misverstande | 2 |
| B10.1 | Luister u kinders na u as vader wanneer u met hulle raas? | |
| a | Ja | 66 |
| b | Meestal | 7 |
| c | Selde | 1 |
| d | Nee | 1 |
| B10.2 | Luister u kinders na u as moeder wanneer u met hulle raas? | |
| a | Ja | 68 |
| b | Meestal | 14 |
| c | Selde | 11 |
| d | Nee | 0 |
| B11 | Hoe word u kinders gestraf as hulle minder ernstige oortredings begaan het? | |
| a | Liefdevolle vermaning | 59 |
| b | Berisping | 24 |
| c | Lyfstraf | 13 |
| d | Ander | 2 |
| B12 | Hoe word u kinders gestraf as hulle ernstige oortredings begaan het? | |
| a | Liefdevolle vermaning | 12 |
| b | Berisping | 19 |
| c | Lyfstraf | 65 |
| d | Ander | 1 |
| B13 | Prys u u kind as hy/sy soet was? | |
| a | Ja, gereeld | 87 |
| b | Soms | 9 |
| c | Nooit | 3 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| B14 | Dink u dit is belangrik om aan u kind hulp en raad te gee as hy/sy dit nodig het? | |
| a | Ja, die kind moet leiding ontvang tot hy selfstandig besluite kan neem | 97 |
| b | Nee, die kind moet self besluite neem | 3 |
| B15 | Indien u as ouer minder geleerd is as u kind(ers), dink u hulle sien neer op u as gevolg daarvan? | |
| a | Ja | 7 |
| b | Onseker | 12 |
| c | Nee | 77 |
| B16 | Indien u ja by vraag 15 geantwoord het, pla dit u dat hulle so teenoor u voel? | |
| a | Nee | 5 |
| b | Effens | 3 |
| c | Ja | 2 |
| B17 | Indien albei ouers werkend is, hoeveel ure is u kinders in totaal sonder volwasse toesig? | |
| a | Minder as 2 ure | 62 |
| b | Tussen 2 en 4 ure | 9 |
| c | Meer as 4 ure | 20 |

### 4.4.3.2 Data-ontleding en evaluering

**Uit tabel 2 blyk die volgende:**

* Vraag B1

Waar die etiese modaliteit van die werklikheid ook die liefde tussen een man en een vrou in die huwelik insluit, lyk dit asof 95% van die respondente die toets van toereikendheid binne die huweliksverhouding slaag (vergelyk Bylae A).

Waar harmonie tussen man en vrou heers, is dit maklik om ook harmonie tussen ouer en kind te skep (vergelyk paragraaf 2.3). Waar 16% van die respondente in hierdie navorsing lede is van

**gebroke gesinne** (vergelyk vraag A3), lyk dit asof daar 'n diskrepans bestaan tussen die resultate van vraag A3 en vraag B1. 'n Moontlike verklaring vir hierdie diskrepans kan wees dat dit vir die meerderheid van die enkelouers wel 'n **ideaal** is om deel te wees van 'n normale vader-, moeder- en kind-verhoudingstruktuur, maar dat omstandighede gemaak het dat die gesinstruktuur afwyk van die normale, harmoniese **kerngesinstruktuur** (vergelyk paragrawe 3.2.2 en 3.2.5).

* Vraag B2

Die lewenservaring wat in die verhoudinge tussen die kinders onderling in die gesin opgedoen word, is uniek en bepaal in 'n groot mate die kwaliteit van elke kind se persoonsontplooiing (vergelyk paragraaf 2.4 en Bylae A).

Die data wat verkry is dui daarop dat die meerderheid van die verhoudinge tussen kinders onderling liefdevol en ondersteunend is - 'n situasie wat bevorderlik is vir sosiale vorming en suksesvolle volwasse verhoudinge.

* Vrae B3.1 en B3.2

Waar die vader in die tradisionele stamopset hoofsaaklik verantwoordelik was vir die handhawing van dissipline oor die ouer kinders en verder die taak het om te jag en sy mense te beskerm, het daar deur die proses van verstedeliking en gepaardgaande verwestering, duidelike verskuiwings in hierdie rol plaasgevind (vergelyk paragraaf 3.4.4.9).

In die verstedelikte opset vervul die vader meer die rol van 'n liefdevolle gesagsfiguur, maar tree steeds as hoof van die huis op (vergelyk paragraaf 3.5.3.2.7). Die resultate van hierdie ondersoek bevestig bogenoemde klemverskuiwing wat betref die rol van die vader binne die gesin.

Wat die moeder betref, is daar 'n duidelike verskil tussen haar

tradisionele en verstedelikte rol (vergelyk paragrawe 3.4.4.5 en 3.5.3.2.7). Hoewel die tradisionele swartvrou se belangrikste rol - net soos in die Westerse opset - die versorging en opvoeding van die kinders is, het die verhouding tussen man en vrou in die stad verander in 'n vennootskap van gelykes, waarin verantwoordelikhede met mekaar gedeel word en waar die vrou nie meer as haar man se mindere beskou word nie. Die vader help dus die moeder - ook in die opvoedingswerk van die kinders.

* Vraag B4

Die resultate van die ondersoek bevestig die vermoede dat daar in Ikageng - soos in menige ander swart dorp - baie min kinders is wat in kleuterskole versorg word terwyl die ouers werk (vergelyk paragraaf 3.5.4.6).

In heelwat gevalle versorg die grootouers die kinders, maar die teenwoordigheid van die moeder ontbreek steeds - 'n situasie waardeur voldoende gesinsondersteuning eerder ontbeer word as wanneer die moeder by die huis is om haar kinders self te versorg.

Van die 31% respondente wie se kinders deur ander persone versorg word, is 15% die moeders self. Dit is meer as die 10% moeders wat voltyds huisvrouens is (vergelyk vraag A13.2), maar kan verklaar word deurdat sommige van die moeders net halfdag werk.

* Vraag B5

Hoewel die meerderheid van die ouers gereeld liefde aan hulle kinders betoon deur fisiese kontak, is daar 'n beduidende aantal ouers (35%) wat net soms of selfs nooit hul kinders druk of soen nie. Deur aan 'n kind fisies liefde te betoon, word vertroue en warmte in die verhouding ingebou - belangrike voorwaardes vir die skep van 'n harmoniese ouer-kind-vertrouensverhouding (paragraaf 2.7.2.3).

* Vrae B6.1 - B6.3

Die feit dat die meerderheid ouers (84%) aangedui het dat hulle ten volle of gedeeltelik bewus is daarvan dat hulle kinders sekere talente het, regverdig moontlik die gevolgtrekking dat die ouer-kind-begrypingsverhouding in hierdie gesinne wel grootliks aan die eise van toereikendheid voldoen (vergelyk Bylae A).

Die groot persentasie ouers (83%) wat belangstel in hul kinders se daaglikse aktiwiteite, is 'n aanduiding dat die meeste van die ouers 'n gesonde kenverhouding tussen ouer en kind nastreef. In só 'n gesonde verhouding leef die ouer homself maklik in die kind se leefwêreld in en begryp op die wyse die uniekheid en individualiteit van elke kind (vergelyk paragraaf 2.7.2.2 en Bylae A).

Die getal ouers wat egter onseker is of hulle wel hul kind(ers) se diepste behoeftes ken en selfs voel hulle ken dit glad nie, is heelwat meer (42%) as die ouers wat voel hulle stel nie werklik belang in hulle kind(ers) se daaglikse aktiwiteite nie (16%). Dit wil dus voorkom asof die ouers oor die algemeen wel opreg belangstel in hul kinders se daaglikse doen en late, maar nie altyd die dieper behoeftes van hulle kinders ken nie.

Dit kan wees dat sommige van die ouers 'n behoefte het aan voorligting waardeur hulle geleer word om ook die diepste dimensies van hulle kinders se persoonlikhede te leer ken (paragraaf 5.2.3).

* Vraag B7.1 en B7.2

Waar 'n harmoniese ouer-kind-vertrouensverhouding moeilik kan ontwikkel in omstandighede waar ouer en kind min tyd in mekaar se geselskap deurbring (vergelyk paragraaf 2.7.2.3), is die 27% moeders en 33% vaders wat minder as 30 minute of selfs geen tyd aan elke kind in die gesin bestee, 'n kommerwekkende situasie.

Hoewel 64% moeders meer as 30 minute per dag aan elke kind bestee - wat 'n aanduiding is dat daar na alle waarskynlikheid in hierdie gesinne voldoende opvoedende steun van die moeder se kant bestaan - is die feit dat slegs 43% van die vaders soveel tyd aan elke kind bestee, rede om die kwaliteit van die vader-kind-begrypingsverhouding in twyfel te trek (vergelyk paragrawe 2.7.2.2 en 2.7.2.3).

Die feit dat effens meer (47,8%) van die vaders van **kerngesinne** minder as 30 minute of geen tyd aan elke kind bestee, kan moontlik verklaar word deurdat 9,5% méér vaders van kerngesinne professionele beroepe beoefen as vaders uit al die gesinstipes gesamentlik (vergelyk vraag A13.1). 'n Professionele beroep vereis uiteraard meer tyd en energie, wat op sy beurt inbreuk maak op die kwaliteit van gesinsverhoudinge - 'n algemene probleem wat die hedendaagse kerngesin in 'n industriële samelewing ondervind (vergelyk paragraaf 3.3.3.4).

* Vraag B8

Om ware en sinvolle opvoeding moontlik te maak, behoort die verhouding tussen ouer en kind met verloop van tyd te verdiep (paragraaf 2.7.2.3). Alhoewel die meerderheid van die ouers oortuig is dat daar wel 'n toename in intimiteit tussen hulle en hulle kinders is, is die 30% ouers wat onseker is of die verhouding intiemer raak en selfs séker is dat dit nie die geval is nie, 'n aanduiding dat sommige van die hedendaagse swart ouers 'n leemte ervaar wanneer dit by die **intimiteit** van die verhouding tussen ouer en kind kom.

'n Moontlike verklaring hiervoor kan geleë wees in die feit dat heelwat van die ouers (veral die vaders) minder as 30 minute per dag aan elke kind bestee; te min tyd om werklik 'n verhouding kwalitatief te laat groei (Vrae B7.1 en B7.2).

* Vrae B9.1 en B9.2

Waar 59 uit die 70 vaders (84,2%) en 83 uit die 95 moeders (87,3%) wat hierdie vraag beantwoord het, die kommunikasie tussen hulle en hulle kind(ers) as baie goed bestempel, lyk dit asof openheid in kommunikasie - wat waarskynlik een van die vernaamste voorwaardes vir 'n intieme vertrouensverhouding is - suksesvol deur die ouers van die steekproef nagestreef word.

Dáárdie ouers wat voel die kommunikasie verloop maar gemiddeld en dat daar selfs dikwels misverstande tussen hulle en hulle kinders voorkom, is waarskynlik ook die ouers wat 'n leemte ervaar ten opsigte van die intimiteit van die verhouding tussen hulle en hul kinders (Vraag B8). Waar swak of onvoldoende kommunikasie tussen ouer en kind bestaan, is spanning, frustrasie en 'n gevoel van onveiligheid dikwels van die negatiewe emosies wat kinders in sulke omstandighede ervaar (vergelyk paragraaf 3.5.4.4).

Dat die ouers van sulke kinders dringend opvoedingshulp nodig het, byvoorbeeld in die vorm van verrykingkursusse, spreek duidelik uit die negatiewe emosies wat gebrekkige kommunikasie tussen ouer en kind tot gevolg kan hê (paragraaf 5.2.3).

* Vrae B10.1 en B10.2

Van die 75 vaders wat hierdie vraag beantwoord het, tree 66 (88%) as suksesvolle gesagsfigure op deurdat hulle kinders na hulle luister wanneer hulle berispe word.

'n Kleiner persentasie moeders (68 uit 93), naamlik 73,1% het in nét so 'n groot mate sukses wat die funksie as gesagsfiguur betref, as die vaders. Hierdie resultaat kan moontlik toegeskryf word aan die tradisionele posisie van die vrou as ondergeskikte aan die man (vergelyk paragraaf 3.4.4.9).

Dit kan wees dat hoewel die meerderheid van die respondente al

in 'n groot mate verwesters het (vergelyk vrae A5, A7 tot A9), die invloed van tradisionele denke nog nie op al die terreine van die lewe verdwyn het nie. Hier moet egter bygevoeg word dat dit nie beteken dat alle tradisionele idees verkeerd is en noodwendig van afgesien móét word nie. In gevalle waar die tradisionele manier van dink en doen egter skadelik vir die verhoudinge tussen ouer en kind is, is dit noodsaaklik dat daarvan afgesien moet word - tot beswil van die mense self.

Uit die resultate wil dit dus lyk asof daar nie so 'n geweldige gesagskrisis in die gesinne wat in die steekproef betrek is voorkom as wat op grond van die literatuurstudie verwag is nie (vergelyk paragraaf 3.5.4.3).

* Vrae B11 en B12

Die resultate toon dat die meerderheid van die ouers aan liefdevolle vermaning of berisping glo wanneer hulle kinders minder ernstige oortredings begaan het. Daarteenoor word lyfstraf in die meeste gevalle van ernstige oortredings toegepas. Die resultate dui daarop dat die gesagsverhouding tussen ouers en kinders wat in hierdie navorsing betrek is, die toets van toereikendheid slaag (Bylae A).

Die meerderheid van die ouers sien dus raak dat dit soms nodig is om dissiplinêr in die lewe van 'n kind in te gryp en sodoende die kind te begelei na beskawingsvolwassenheid (vergelyk paragraaf 2.7.4.4).

* Vraag B13

Wanneer die kind ná opvoedende ingryping die goedkeurens= waardige doen, moet die ouer sy waardering en goedkeuring in blydskap aan die kind te kenne gee (paragraaf 2.7.4.4.2). Die response dui daarop dat die meerderheid van die ouers hierdie strategie volg en waarskynlik daardeur 'n behoefte by hulle kinders kweek om in die goeie te volhard.

* Vraag B14

Liefdevolle en harmoniese ouerlike gesagsbegeleiding vra van elke ouer om te ALLE tye sy kind met hulp en raad by te staan (Bylae A). Waar die kind, soos hy ouer word, geleentheid kry om onafhanklik van die ouers besluite te neem, ervaar elke kind dat hy na 'n tyd verdere hulp en leiding van sy ouers benodig (paragraaf 2.7.4.4.4).

Waar al die ouers uit die steekproef (op 3% na), daaraan glo om hul kinders met hulp en raad by te staan - minstens totdat die kinders selfstandig besluite kan neem - kan die gevolgtrekking gemaak word dat die ouer-kind-verhoudinge in die meeste gesinne wat in die steekproef betrek is, tot 'n groot mate in bogenoemde opsig harmonies verloop (Bylae A).

* Vraag B15 en B16

Waar slegs 4% van die ouers nie hierdie vraag beantwoord het nie, kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid van die ouers wel minder geletterd as hulle kinders is. Soos vasgestel uit die literatuurstudie gebeur dit soms in swart gesinne dat kinders op hul ouers neerkyk indien laasgenoemde minder geletterd as die kinders self is. Hierdie situasie lei in vele opsigte tot disharmonie tussen ouer en kind - veral wat betref die gesagsverhouding (vergelyk paragraaf 3.5.4.2).

Die response van hierdie ondersoek dui egter daarop dat die meeste van die ouers seker daarvan is dat hulle kinders níe op hulle neerkyk as gevolg van hulle swak geletterdheid nie. Hoewel die grootste getal van die ouers op 'n redelike lae geletterd= heidsvlak verkeer (vergelyk vrae A11.1 en A11.2), lyk dit dus asof die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge nie hierdeur vertroebel word nie (vergelyk ook vrae B10.1 tot B12).

'n Groter getal ouers wat voel hulle kinders kyk wél op hulle neer, word níe daardeur omgekrap nie as ouers wat wel omgekrap

voel indien hulle kinders op hulle neerkyk as gevolg van hulle swak geletterdheid.

* Vraag B17

Waar kinders wat lang ure sonder volwasse toesig is, dikwels voldoende gesinsondersteuning ontbeer, is dit baie waarskynlik dat die 20% kinders wat meer as 4 ure sonder volwasse toesig is, hierdie ontbering deurmaak. Hierdie kinders ervaar dikwels 'n leemte in hulle lewe; wat in sommige gevalle gevul word deur allerlei vorme van misdaad en wangedrag (vergelyk vraag C3).

Die groot meerderheid van die ouers se kinders (71%) is tussen 2 en 4 ure en selfs minder as 2 ure sonder volwasse toesig; 'n situasie wat waarskynlik genoeg ruimte laat vir die skep van 'n geborge opvoedingsklimaat.

Wat die **kerngesin** betref, is 'n kleiner persentasie (65,9%) van die kinders minder as 4 ure sonder volwasse toesig. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan geleë wees in die feit dat 'n groter persentasie van die vaders van kerngesinne professionele beroepe beoefen (vergelyk vraag A13.1 en B7.2) en dat die moeders dus meer beskikbaar is vir hulle kinders. 'n Verdere verklaring kan wees dat ouers van kerngesinne dit kan bekostig om kinders in kleuterskole te laat versorg aangesien 'n redelike groot persentasie vaders professionele beroepe beoefen en dus oor die algemeen beter salarisse verdien as vaders uit ander beroepsgroepe.

### 4.4.4 Enkele opvoedingspraktyke (Afdeling C)

In tabel 3 word data wat ingewin is rondom enkele opvoedings=praktyke (waaronder die noodsaaklikheid van opvoeding) as 'n persentasie uitgedruk, om sodoende 'n verkorte weergawe van ouers se response in díe verband te verskaf.

4.4.4.1 **Tabel 3**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| C1 | Gebruik u die Bybel as riglyn in die opvoeding van u kind(ers)? | |
| a | Ja | 81 |
| b | Nee | 18 |
| C2 | Keur u opstand en wangedrag onder die jeug goed? | |
| a | Ja | 7 |
| b | Nee | 93 |
| C3 | Was u kind(ers) al betrokke by enige vorm van wangedrag? | |
| a | Ja | 14 |
| b | Nee | 20 |

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | JA | ON-SEKER | NEE |
|---|---|---|---|---|
| C4 | Op watter stadium is u kind(ers) volgens u volwasse? (Dui in elke geval die toepaslike blokkie aan) | | | |
| a | Wanneer hulle sonder u raad besluite kan neem | 53 | 13 | 26 |
| b | Sodra hulle genoeg geld verdien om die huis te verlaat | 33 | 12 | 35 |
| c | Wanneer hulle in die huwelik tree | 63 | 6 | 15 |
| d | Wanneer kinders uit daardie huwelik gebore word | 59 | 7 | 12 |
| e | Ander | 10 | 1 | 3 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| C5 | Dink u die opvoeding van u kinders is noodsaaklik? | |
| a | Ja, sonder twyfel | 99 |
| b | Redelik noodsaaklik | 1 |
| c | Nee kan daarsonder | 0 |

4.4.4.2 Data-ontleding en evaluering

**Uit tabel 3 blyk die volgende:**

* Vraag C1

Die Christen word deur die geloof in God in elke aktiwiteit gelei - ook in die ouerlike opvoedingsaktiwiteit. Die response dui daarop dat die meerderheid van die ouers (81%) die Bybel as riglyn in die opvoeding van hulle kinders gebruik. Waar 'n belangrike grondtrek van egte en ware opvoeding sy lewensopvatlike gerigtheid is en hierdie studie die **Christelike** lewens- en wêreldbeskouing as riglyn gebruik, wil dit voorkom asof die meerderheid van die ouers in hierdie ondersoek hulle roeping as opvoedende verbondsouers getrou nakom (Bylae A).

* Vraag C2 en C3

Die data toon aan dat 'n oorweldigende aantal ouers (93%) opstand en wangedrag onder die jeug afkeur. Dit blyk dus dat die meerderheid ouers die negatiewe uitwerking wat hierdie tipe gedrag op die jeug en ook op die gemeenskap as geheel het, insien.

Verder is die Tswanamense van nature vredeliewend en goedgesind teenoor andere (vergelyk vraag A10) - 'n situasie wat 'n moontlike verklaring bied vir die feit dat die grootste persentasie ouers gewelddadigheid afkeur.

Dit kan wees dat die 14% kinders wat al by wangedrag betrokke was, van dieselfde 20% kinders is wat meer as 4 ure per dag sonder volwasse toesig is (vergelyk vraag B17).

* Vraag C4

Die doelstelling van opvoeding in breë terme, is om die kind te help om alles wat hy aanvanklik met die hulp en leiding van

volwassenes gedoen het, uiteindelik selfstandig en verantwoordelik te doen (vergelyk paragraaf 2.5.5.5). Hiervolgens is volwassenheid bereik wanneer die jong volwassene in staat is om op AL die terreine van die lewe sonder die raad van sy ouers te handel.

Volgens die resultate van hierdie navorsing, lyk dit egter asof die grootste persentasie van die ouers (63%), volwassenheid in verband bring met die stadium wanneer hulle kinders in die huwelik tree. 'n Moontlike verklaring vir hierdie resultaat kan geleë wees in die feit dat die tradisionele swarte hoë waarde heg aan georganiseerde verwantskapsgroepe - wat onder andere die huwelik insluit.

Waar kinders deur die tradisionele swartmense as enigste rykdom beskou word, is dit te verstane dat die huwelik vir die ouers 'n mylpaal in die lewe van hulle kinders is. Die huwelik gee op sy beurt weer toegang tot die geboorte van kleinkinders. Dit lyk dus asof tradisionele idees op sommige terreine van die lewe van die verstedelikte swartmense tóg nog 'n invloed uitoefen (vergelyk ook vraag B10.2).

Soos verwag kan word beskou die tweede meeste ouers (59%) hulle kinders as volwasse sodra kleinkinders uit die onderskeie huwelike gebore word (vergelyk bogenoemde paragraaf). Vir die tradisionele swartmense lê die finale verwesenliking as volwassene in die voortbring van kinders (vergelyk paragraaf 3.4.4.4).

Volwassenheid wat met selfstandige besluitneming gepaard gaan, is eers derde in die ry van voorkeure vir die ouers (53%). Waar volwassenheid volgens die toetsmodel van hierdie navorsing bereik is sodra selfstandig besluite geneem kan word (Bylae A), lyk dit asof 'n beduidende getal van die ouers van die steekproef nie hierdie oortuiging aangaande volwassenheid handhaaf nie.

Dat volwassenheid bereik is sodra 'n kind genoeg geld verdien om

die huis te verlaat, word deur die kleinste persentasie ouers (33%) geglo. Dit kan wees dat die kommunale ingesteldheid van die tradisionele swartmense hier 'n invloed het, waar winsmotief geen rol in ekonomiese bedrywighede speel nie (vergelyk paragraaf 3.4.4.10).

* Vraag C5

Die feit dat die mens as onontslote, onvolwasse individu met baie potensiële talente en gawes die lewe begin en hy geroepe is om laasgenoemde te ontplooi, maar nie op sy eie daartoe in staat is nie, maak van opvoeding 'n noodsaaklike verskynsel.

Waar 99% van die ouers wat in hierdie navorsing ondervra is, geen twyfel het oor die noodsaaklikheid van opvoeding nie, is daar genoeg rede om af te lei dat hierdie ouers ook die groot verantwoordelikheid van ouerlike opvoeding insien.

**4.4.5 Religieuse gebruike (Afdeling D)**

In tabel 4 word die data rondom enkele sake wat verband hou met die lewens- en wêreldbeskouing van die respondente, kwantitatief weergegee. Uit díe gegewens kan onder andere afleidings gemaak word oor die mate van verwestering van die ouers wat in die steekproef betrek is. Hierdie gegewens is belangrik, aangesien dit dikwels verband hou met probleme wat swart ouers in die stede ondervind (vergelyk paragraaf 3.5.4).

4.4.5.1 **Tabel 4**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| D1 | Hoe gereeld hou u huisgodsdiens (lees Bybel en bid)? | |
| a | Sover moontlik, elke dag/aand | 43 |
| b | Soms | 49 |
| c | Nooit | 7 |
| D2 | Is die idee van "lewenskrag" vir u belangrik? | |
| a | Nee, dit is 'n tradisionele idee | 52 |
| b | Soms belangrik | 7 |
| c | Ja, baie belangrik | 37 |
| D3 | Wie is "Modimo"? | |
| a | Die opperwese van tradisionele swartmense | 4 |
| b | Die Almagtige wat in die Bybel beskryf word | 87 |
| c | Geeneen van bogenoemde nie | 6 |

4.4.5.2 Data-ontleding en evaluering

**Uit tabel 4 blyk die volgende:**

* Vraag D1

Die data toon dat die beoefening van huisgodsdiens in 'n groot aantal huisgesinne (56%) nie 'n vaste plek het nie. Dit kan wees dat sommige van hierdie ouers nie besef dat geloof in God en die daaglikse uitlewing daarvan die mees sinvolle ruimte verteenwoordig waarbinne die mens sy roeping op aarde (ook as opvoedende ouer) kan vervul nie. 'n Ander moontlikheid is dat die gejaagde lewe van die stad die gereelde beoefening van huisgodsdiens bemoeilik. Hierdie probleem moet egter dringend aangespreek word, aangesien geen taak op aarde - en dit sluit die ouerlike opvoedingstaak in - sin kan hê as dit nie as einddoel het om God daardeur te ken en te verheerlik nie (vergelyk Bylae A).

* Vraag D2

Die feit dat die idee van "lewenskrag" vir 'n beduidende aantal ouers (37%) belangrik is, dui daarop dat hierdie ouers nog nie in só 'n mate deur die Christendom en Westerse kultuur beïnvloed is dat dit in alle opsigte hulle religieuse grondmotief weerspieël nie (paragraaf 3.5.2.2.2).

Waar 52% van die ouers nie meer die idee van "lewenskrag" aanhang nie, maar dit as tradisioneel beskryf, kan afgelei word dat hierdie ouers reeds die Christelike religieuse grondmotief as riglyn in hulle lewe aanvaar het.

Waar 'n groot verskeidenheid kerke deur die eeue onder die swartmense sendingwerk gedoen het, is daar in die proses dikwels godsdienstige dwaalleringe aan hierdie mense oorgedra - 'n situasie wat hierdie mense laat twyfel het met watter religieuse oortuigings hulle hulself wil assosieer. Hierdie toedrag van sake kan 'n moontlike verklaring wees vir die bykans eweredige verspreiding van respondente vir wie die tradisionele grondmotief nog geldig is aan die een kant en díe wat die Christelike grondmotief aanvaar het aan die ander kant.

Die feit dat 95% van die respondente wel aan een of ander kerk behoort (vergelyk vraag A12), beteken dus nie noodwendig dat hierdie mense almal reeds die Christelike religieuse grondmotief as uitgangspunt in hulle lewens bely nie. Dit kan wees dat kerklidmaatskap vir sommige van die hedendaagse half-verwesterde swartmense slegs 'n bevrediging van die tradisionele behoefte aan skakeling in die gemeenskap is (vergelyk paragraaf 3.5.2.2.2) en dat die betekenis van Waarlik kerk-wees, nog nie vir hierdie mense tot openbaring gekom het nie.

* Vraag D3

Waar die meerderheid van die ouers (87%), "Modimo" as die God van die Bybel erken, kan die stelling gemaak word dat hierdie mense

reeds deur die verkondiging van die Woord afgesien het van die tradisionele deïstiese godsidee (vergelyk paragraaf 3.4.3.3).

Die stelling van Setiloane (1986:29) dat die hedendaagse Tswana-Christen wel die tradisionele naam MODIMO behou, maar die ware God van die Bybel daarmee aanroep, word ook in hierdie navorsing bevestig.

### 4.4.6 Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys (Afdeling E)

In tabel 5 word die data weergegee wat ingewin is rondom die ouers se idees oor hulle rol en betrokkenheid by die opvoedende onderwys van hulle kinders.

4.4.6.1 **Tabel 5**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| E1 | Het u enige kontak met die skoolhoof en/of onderwysers van die skool waar u kind skoolgaan? | |
| a | Gereeld | 32 |
| b | Soms | 45 |
| c | Nooit | 19 |
| E2 | Wil u graag hê dat u kind skoolgaan? | |
| a | Ja, dit is noodsaaklik | 100 |
| b | Nee, dit is onnodig | 0 |
| E3 | Wat dink u is u rol as ouer by die opvoeding en onderrig van u kind op skool? | |
| a | Ek wil ten volle betrokke wees, indien moontlik | 86 |
| b | Ek wil net gedeeltelik betrokke wees | 12 |
| c | Ek wil glad nie betrokke wees nie omdat dit die skool se plig is | 1 |
| E4 | Is u betrokke by die bywoning van skoolaktiwiteite, soos sport, kultuur en skoolfunksies? | |
| a | Ja, gereeld | 65 |
| b | Selde | 19 |
| c | Nee, nooit | 13 |

4.4.6.2 Data-ontleding

**Uit tabel 5 blyk die volgende:**

* Vraag E1

Waar heelwat ouers in hierdie ondersoek op 'n laer geletterdheidsvlak as hulle kinders verkeer (vergelyk vraag B15), bestaan daar waarskynlik in baie gevalle kulturele verwarring onder die kinders (vergelyk paragraaf 3.5.4.2); 'n situasie wat tot spanning en verwydering tussen ouers en kinders aanleiding kan gee. Uit die resultate van die vrae waar die toereikendheid van die verhoudinge tussen ouer en kind in hierdie navorsing getoets is, lyk dit egter asof dié toets oor die algemeen geslaag is (vergelyk vrae B5 tot B14). Die verskil in geletterdheidsvlak blyk oor die algemeen dus nie die verhouding tussen ouer en kind te benadeel nie.

* Vraag E2

Al die ouers uit die steekproef besef dat skoolse onderrig absoluut noodsaaklik is vir hulle kinders. Dit kan waarskynlik verklaar word deurdat heelwat van die ouers sélf op 'n lae geletterdheidvlak verkeer en dus besef hoe min werksgeleentheid daar met swak of geen kwalifikasie is.

* Vraag E3

Die resultaat van hierdie vraag dui aan dat die grootste persentasie van die ouers (86%) graag by die opvoedende onderrig van hulle kind betrokke wil wees. Die feit dat 'n redelike klein persentasie van die ouers (32%) egter gereeld kontak met die skoolpersoneel het (vraag E1), kan 'n aanduiding wees dat daar bepaalde faktore bestaan wat die ouers rem om op hierdie vlak kontak met die skool te maak.

* Vraag E4

'n Redelike groot persentasie van die ouers (65%) woon gereeld sport-, kultuur- en ander aktiwiteite by die skool by. Die ouers het dus wel vrymoedigheid om op hierdie wyse by die skool betrokke te wees, maar skram weg van betrokkenheid op 'n dieper vlak waar opvoeding en onderrig van hulle kinders ter sprake kom en waar die ouers dus in noue kontak met die onderwysers meehelp om die kind sy maksimum prestasie te laat behaal (vergelyk vrae E1 en E3).

### 4.4.7 Tweerigtingfrekwensies

#### 4.4.7.1 Inleiding

Die doel met die vergelyking tussen onderlinge response wat verkry is, is om te bepaal of daar enige betekenisvolle verbande bestaan tussen spesifieke vrae wat gevra is. Alvorens die onderskeie verbande bespreek word, word die data telkens in die vorm van 'n tabel weergegee.

#### 4.4.7.2 Verband tussen geletterdheidsvlak van ouers en die idee wanneer volwassenheid bereik is

| | Volwasse sodra selfstandig besluite kan neem | |
|---|---|---|
| **GELETTERDHEIDSVLAK** | **VADERS** | **MOEDERS** |
| Geen<br>St. 10 | 28,75%<br>53,85% | 40,00%<br>75,00% |
| | Volwasse sodra kinders uit huwelik gebore is | |
| Geen<br>St. 10 | 71,43%<br>38,46% | 100,00%<br>37,5% |

Daar is 28,75% van die ongeletterde vaders, teenoor die 53,85% van die vaders wat st. 10 geslaag het, wat voel dat hulle kinders volwasse is wanneer hulle sonder die ouers se raad besluite kan neem. Wat die moeders betref, voel 40% van die ongeletterdes, teenoor 75% van die moeders met st. 10, dat volwassenheid met selfstandige besluitneming gepaard gaan.

Uit hierdie gegewens kan afgelei word dat dáárdie ouers wat voel dat volwassenheid met selfstandige besluitneming gepaard gaan, oor die algemeen ook die ouers is wat op 'n hoër geletterdheidsvlak verkeer.

Van die ongeletterde vaders voel 71,43% teenoor 38,46% van die vaders met st. 10, dat volwassenheid bereik is sodra kinders uit die huwelik gebore word. Dieselfde tendens kom voor onder die moeders; van die ongeletterde moeders voel 100% teenoor 37,5% van die moeders met st. 10 dat volwassenheid met die geboorte van kinders gepaard gaan.

Die verband wat hier gevind word, dui daarop dat ouers wat meer geletterd is, oor die algemeen nie meer glo aan die tradisionele idee dat volwassenheid met die huwelik en gepaardgaande geboorte van kinders gepaard gaan nie (vergelyk vraag C4). Die ongeletterde ouers daarenteen, heg nog heelwat waarde aan die tradisionele manier van dink en doen. Dit blyk dus duidelik dat geletterdheid onder die hedendaagse Swartmense hand aan hand gaan met die aanvaarding van meer Westers-georiënteerde idees.

4.4.7.3 Verband tussen beroepsgroep van ouers en kontak met die skoolhoof en/of onderwysers

| | Gereelde kontak met skoolhoof en/of onderwysers | |
|---|---|---|
| **BEROEPSGROEP** | **VADERS** | **MOEDERS** |
| Professioneel | 54,55% | 55,56% |
| Ongeskoolde arbeid | 19,35% | 25,86% |

Van die vaders wat professionele beroepe beoefen, het 54,55% teenoor die 19,35% vaders wat ongeskoolde arbeid verrig, gereeld kontak met die skoolpersoneel. Dieselfde tendens word by die moeders gevind; 55,56% moeders wat professionele beroepe beoefen, teenoor 25,86% moeders wat ongeskoolde arbeid verrig, het gereeld kontak met die skool.

As hierdie persentasieverspreiding ontleed word, kan die

afleiding gemaak word dat die ouers wat professionele beroepe beoefen (wat opleiding by 'n universiteit of kollege vereis), vrymoedigheid het om in noue samewerking met die onderwysers te verkeer en onder andere daardeur inspraak te hê in die bepaling van die gees en rigting van die skool. Hierteenoor het die ouers wat ongeskoolde arbeid verrig en dus op 'n laer ontwikkelings=vlak verkeer, heelwat minder kontak met die skool en sy personeel. Hierdie ouers het waarskynlik nie die vrymoedigheid om hulle eie inspraak by die skool te lewer nie omdat hulle minderwaardig voel teenoor die personeel wat meer geletterd as hulleself is.

#### 4.4.7.4 Verband tussen gesinstipe en "warmte" in die ouer-kind-opvoedingsverhouding

| | "Warmte" in ouer-kind-opvoedingsverhouding | |
|---|---|---|
| **GESINSTIPE** | **VADERS** | **MOEDERS** |
| Kerngesin | 73,68% | 65,91% |
| Gebroke gesin | 0,00% | 58,33% |

Die feit dat 73,68% van die vaders en 65,91% van die moeders uit **kerngesinne** gereeld liefde aan hulle kind(ers) deur fisiese kontak betoon, kan 'n aanduiding wees dat die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in hierdie gesinne gekenmerk word deur vertroue en warmte en dat daar waarskynlik 'n harmoniese vertrouensverhouding tussen hierdie ouers en hulle kinders bestaan (paragraaf 2.7.2.3).

Daarteenoor betoon slegs 58,33% moeders en 0% vaders uit **gebroke gesinne** gereeld fisies liefde aan hulle kinders. Dit wil dus voorkom asof die emosionele afstand - wat deur Angenent (1976:44-47) as "warm" of "koud" beskryf word - in kerngesinne gesond is, terwyl daar in gebroke huisgesinne oor die algemeen emosionele verwydering tussen gesinslede bestaan. 'n Moontlike verklaring vir die negatiewe toedrag van sake in gebroke gesinne, kan geleë wees in eksterne faktore soos werkende enkelouers en swak behuising in minder gegoede woongebiede (vergelyk paragraaf 3.5.4.6). Die enkelouer is dikwels ontwrig deur sodanige

omstandighede en spanning tussen ouer en kind is soms die gevolg daarvan. Spanning in 'n verhouding neem ook spontaneïteit weg en gereelde betoning van liefde - veral deur middel van fisiese kontak - bly maklik onder sulke omstandighede agterweë; wat dan ook uit die resultate van hierdie navorsing bevestig word.

Waar hierdie navorsing die **kerngesin** as die ideale gesinstipe beskou - veral ten opsigte van die harmoniese funksionering van verhoudinge tussen één vader, één moeder en kind(ers) - lyk dit asof 'n groot persentasie van die ouers uit kerngesinne wel die toets van toereikendheid ten opsigte van een van die voorwaardes van gesonde ouer-kind-vertrouensverhoudinge slaag, naamlik om gereeld liefde aan 'n kind te betoon deur fisiese kontak (Bylae A).

## 4.5 SAMEVATTENDE EVALUERING

Op grond van die voorafgaande bespreking van die empiriese ondersoek, kan 'n aantal gevolgtrekkings gemaak word - veral ten opsigte van die toereikendheid al dan nie van die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge binne geïdentifiseerde (kern)gesinne in die dorp Ikageng. Hierdie gevolgtrekkings word uiteengesit in paragraaf 5.2.